Jaargang 2013
ISSN 1018-0710

# DOLOS

Afrikaanse Taal en Literatuur UV



Kollegas vier saam met prof. Jaap Steyn sy 75 ste verjaarsdag in Pimento!

[Foto: Corlietha Swart]

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# Inhoud


1 | **Redakteursbrief**

2 | **Geen "miershopie van 'n monument"**
*Prof. Jaap Steyn*

7 | **Prof. Jaap Steyn word 75!**
*Corlietha Swart*

9 | **Navorsingsgenoot se gedig een van die honderd gewildste Afrikaanse gedigte van alle tye!**
*Corlietha Swart*

10 | **Toets jou kennis: Fokus steeds op fobies**
*Corlietha Swart*

11 | **Ridder Naomi Morgan van die UV**
*Corlietha Swart*

12 | **Dr. Annette de Wet onthou …**
*Corlietha Swart*

13 | **Nederlandse beurse vir Afrikaanse studente in 2013**
*Prof. Angelique van Niekerk*

14 | **Wat zeg je? CNaVT-examen voor Nederlands**
*Prof. Angelique van Niekerk*

15 | **Alles en almal verbind: netwerkanalise binne die letterkunde**
*Burgert Senekal*

24 | **Speak Afrikaans / Gesellig Afrikaans / Bua Seafrikanse 2013**
*Ida Meiring en Anneen Church*

25 | **Die NALN – 40-jaar oud in 2013!**
*Corlietha Swart*

26 | **Slypskool vir Nasionale Poort-skryfwedstryd – 2014**
*Dr. Anthea van Jaarsveld*

27 | **Wenbydraes van Poort-skryfwedstryd 2013**
*Verskeie bydraers*

54 | **Antwoorde van *Toets jou kennis***
*Samesteller: Corlietha Swart*



# Redakteursbrief

DOLOS is die jaarlikse departementele akademiese tydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessanthede oor Afrikaans gebundel word.

Aangesien slegs geakkrediteerde publikasies voortaan deur die UV befonds word, word die Dolos sedert 2013 slegs in digitale formaat uitgegee. Hierdie is dus die eerste (alleenlik) elektroniese weergawe van die geskiedkundige Dolos-publikasie en ons hoop dat al die lesers op ons adreslys, wat oor soveel jare heen die hardekopieweergawes geniet het, ook elektronies op ons publikasie sal ingaan en elektronies die Dolos-inhoud sal geniet. Ons vertrou verder dat ons 'n nog wyer spektrum Dolos-lesers gaan bykry wat vir die eerste keer digitaal kennis gaan maak met hierdie publikasie. Baie welkom dus as u die eerste keer 'n Dolos onder oë kry.

***Dolos 2013*** gee uiteraard ook terugvoer oor bedrywighede waarmee studente en dosente hul besig hou op plaaslike, maar ook op nasionale en selfs internasionale vlak. Gewoonlik vind die aktiwiteite buite die formele doseerlading van dosente en klasaktiwiteite van studente plaas, wat dit des te meer merkwaardig maak dat daar so 'n kaleidoskoop van aktiwiteite in een departement opgesluit lê.

In 2013 het mnr. Burgert Senekal ons verlaat en teen die einde van die jaar ook mev. Eleanor Bernard. Mag die nuwe werksuitdagings op jul nuwe lewenspaadjies groot vervulling bring! Mej. Ihette Jacobs van Potchefstroom is in 2013 in die vakante letterkundepos aangestel en mej. Carla Ellis van Stellenbosch sal vanaf 2014 by die taalkundiges aansluit. Mag julle gou tuis voel in die nuwe stad, werksomgewing – en veral in die departement!

Geniet ***Dolos 2013*** wat, buiten lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag tasbaar te preserveer!

Lekker lees!

**Corlietha Swart**

**Redakteur: *Dolos* 2013**



# Geen "miershopie van 'n monument"

*Prof. Jaap Steyn*



Wat is die verband tussen C. Louis Leipoldt se bekende gedig "Vrede-aand" en die Vrouemonument? Die antwoord: albei getuig van bewondering vir die lyding en heldhaftige optrede van die Afrikanervroue tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902. "Die beste wat ons nasie het" is Leipoldt se oordeel.

Die gedagte aan 'n monument vir dié vroue het in die oorlog by pres. M.T. Steyn ontstaan. In die sowat twee jaar van die guerrillafase van die oorlog is pres. Steyn nooit gevang nie – merkwaardig as 'n mens dink aan hoe klein die Vrystaat is. In koerante wat hy soms te sien gekry het, was nuus van die konsentrasiekampe en statistiek oor die sterftesyfers. Vroue het hom ook vertel hoe Britse patrollies vrouelaers oorval en selfs met kanonne op hulle gevuur het. Swart mans in Britse diens het geen genade teenoor die vroue en dogters in die veld betoon nie.

Die verwesenliking van Steyn se monument-ideaal moes 'n paar jaar lank wag. Hy was so ernstig siek dat hy kort ná die vredesluiting na Nederland is. Die dokter wat hom behandel het, prof. Cornelis Winkler, professor in neurologie aan die Universiteit van Amsterdam, het gesê dat hy sy vakansie vir geen gekroonde hoof in Europa sou onderbreek het nie, "maar voor een man als pres. Steyn doe ik het gaarne". Hy is meer as twee jaar behandel, en het in 1905 teruggekeer.

Vroeg in 1906 het hy twee briewe geskryf om Afrikanerleiers se steun vir so 'n monument te vra. Die eerste was aan die Sinode van die Vrystaatse NG Kerk, en die tweede aan mense wat die eerste kongres van die Orangia Unie bygewoon het. Dit was die eerste politieke party wat die Vrystaatse Afrikaners ná die oorlog gestig het. Hy het albei vergaderings se steun gekry.

Saam met 'n groepie medewerkers het hy 'n "werkende komitee" gevorm om die werk aan te pak: genl. J.B.M. Hertzog, Abraham Fischer, W.J.C. Brebner, J.P. Steyl, Charlie Fichardt, C.H. Wesels, dr. Max Stollreither, ds. C.D. Murray, eerw. J.G. Grosskopf, en Rocco de Villiers, Gordon A. Fraser en Alec W. McHardy as sekretarisse. Grosskopf van die Lutherse gemeente was die vader van twee skrywers: J.F.W. en E.B. Grosskopf.





Hulle het saamgestem met die gedagte dat daar 'n monument moes wees. Maar watter vorm moes die monument aanneem? Sommige het gepleit vir 'n skool, hospitaal of ander inrigting. Daarteen was die president sterk gekant: dit sou te duur vir die verarmde Afrikaner wees om op te rig en in stand te hou. Dit kon met verloop van tyd selfs 'n las word pleks van 'n inspirasie. Bowendien kan geen inrigting die verbeelding van die volk so aangryp as 'n monument nie. Dit kon as stille getuienis dien van die martelaarskap van die vroue en kinders. Niks anders as piëteit moet 'n rol speel nie. Só kon Steyn die ander oorreed.

Op 'n kongres vroeg in 1907 het Afrikaners uit Transvaal, die Kaapkolonie en Natal ook hul samewerking beloof. 'n Transvaalse NG-predikant, ds. A.J. Louw, het wel getwyfel of die Afrikaners sterk genoeg is om so 'n groot monument te bekostig. Steyn het geantwoord dat "'n miershopie van 'n monument" inderdaad geen eerbewys sou wees nie en ons tot oneer sou strek. Maar die monument hoef ook nie dadelik te kom nie. Die Afrikaners moet weer wys dat hulle kan aanhou en volhard in hul pogings.

Die eerste groot taak was om geld in te samel. Die aanvanklike skatting was £10 000 – 'n bedrag wat gelyk staan aan sowat R4 miljoen vandag. (Op die ou end was dit £12 000.) Die Afrikaners was bitter arm, en die geld het maar stadig gekom. Die lidmate van die NG Kerk, Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk, en lede van die Afrikanerpartye het die insameling gedoen.

Pres. Steyn het 'n oproep by die Subscriptie Lijst voor het Nationaal Vrouwen Monument geskryf. Hy het self honderde kollektelyste onderteken. Maklik was dit nie, want hy moes albei hande gebruik om die pen vas te hou. "Hoeveel fisiese opoffering daardie eenvoudige naamtekening vereis het, het weinige geweet," meld sy latere skoonseun, Nico van der Merwe.

Mense het dadelik op hierdie oproep gereageer. Die eerste bydrae wat op die amptelike lys verskyn, is £5 van die Duitse Boerevriend, dr. Oskar Hintrager uit Duits-Suidwes-Afrika, tans Namibië. Hy het met die uitbreek van die oorlog as vrywilliger na Suid-Afrika gekom en aan die kant van die Boere geveg. Sy oorlogsdagboek is in Afrikaans vertaal en in 1973 uitgegee. Die eerste gemeente wat sy skenking inbetaal het, was Boshof – £105. Ook in Reddersburg, Wepener en Luckhoff is vroeg al geld ingesamel. Soos vir kerkbasaars het mense soms skape, bokke, hoenders, velle en tuisgekookte seep gegee. Debatsverenigings het konserte gehou en die opbrengs dan aan die monumentfonds geskenk. Die opbrengs van Totius se digbundel, Bij die monument, en ook ander bundels van hom is aan die monumentfonds gegee. De Vriend des Volks het twee keer in 1907 en 1908 die "wonderbaarlike sukses" van die kollektante geprys.





Dit het nietemin ’n paar jaar geduur om die £10 000 in te samel. Die bedrag het drupsgewys aangroei. Steyn moes mense gedurig aanmoedig: “Eggenote! Vaders! Broers! … Moeders! Susters … Ryk Vriende! … Arm Vriende! U almal! wat ’n oop hart het vir onskuldige en geduldige lyding, en wat dankbaar is vir die verhewe voorbeeld van selfopofferende Vaderlandsliefde wat aan ons deur ons heldinne gegee word, gee, gee opdat hulle nie vergeet word nie.” Met die onthulling het hy gesê: “Dit is opgerig nie alleen uit die rykdom van die rykes nie, maar veral uit die armoede van die armes.”

Daar was soveel positiewe reaksie dat die fonds in April 1910 reeds op £8000 gestaan het. Die “werkende komitee” het vroeg al soveel vertroue in die suksesvolle afhandeling van die projek gehad dat dit ’n prys van £100 uitgeloof het vir die beste ontwerp. Daar was groot mededinging en veertig ontwerpe en planne is ontvang. Die beoordelaars het die model van die beeldhouer, Anton van Wouw, in medewerking met die Pretoriase argitek, Frans Soff, aanvaar.

’n Konferensie van die belanghebbendes het in 1911 op voorstel van ’n Transvaler en ’n Kapenaar besluit dat die monument in die Vrystaat moes kom. Daar moes besluit word tussen Bosrand, net suid van Kroonstad aan die hoofspoorlyn en Bloemfontein. Die keuse het op laasgenoemde geval. Die stadsraad het daarvoor ’n stuk grond gegee.

Die monument is op Dinsdag 16 Desember 1913 onthul. Teen Saterdag 13 Desember was die meeste mense al in die stad en die Sondag is tien eredienste in vier lokale gehou. Vroeg die oggend van 16 Desember het sowat 20 000 mense hul plek op die koppies rondom die monument ingeneem. Van vyfuur die oggend af het tien spesiale treine van Bloemfontein na die skouterrein en Hamilton-stasie geloop.

Pres. Steyn was weens sy verswakte toestand nie in staat om sy toespraak hoorbaar te lewer nie. Hy het dit vooraf volledig in Nederlands uitgeskryf en het Rocco de Villiers, lid van sy staf gedurende die oorlog, gevra om dit voor te lees. Dit begin met die woorde: “Hierdie monument staan nie hier om enigiemand te pynig of om as ewigdurende verwyt te dien nie, maar dit is hier geplaas uit reine piëteit. Dit is ’n volk se hulde aan die nagedagtenis van sy dierbares.”

Die groot oomblik het aangebreek toe mev. Tibbie Steyn namens Emily Hobhouse die doek oor die beeldegroep en muurpanele afgetrek en gesê het: “In naam van onze vrouwen en kinderen onthul ik dit





monument". Hobhouse moes haar treinreis na Bloemfontein op Beaufort-Wes onderbreek weens haar swak gesondheid. Haar boodskap is in Engels voorgelees deur Charlie Fichardt.

Die woorde op die gedenknaald lui: "Aan onze heldinnen en lieve kinderen / 'Uw wil geschiede' / Dit nationaal monument is opgericht ter nagedachtenis aan de 26 370 vrouwen en kinderen die in de concentratiekampen zyn omgekomen en aan de andere vrouwen en kinderen die elders tengevolge van den oorlog 1899-1902 zyn bezweken / Onthuld 16 December 1913." In Mei 2012 is bekend gemaak dat daar meer as 34 000 vroue en kinders in die kampe dood is. Dié nuwe syfer is gegrond op jare lange navorsing deur Celeste Reynolds. Vergelyk 'n mens die aantal Afrikaners wat in die oorlog dood is, met die sterfgevalle van veral die twee wêreldoorloë, lyk dit na 'n klein aantal. 'n Mens moet dit egter stel teenoor die grootte van die Afrikanervolk in daardie stadium. Volgens G.D. Scholtz was daar in 1899 sowat 500 000 Afrikaners, van wie sowat 100 000 in die Vrystaat en 125 000 in Transvaal. Reken 'n mens die sowat 7 000 gesneuwelde mans, by, is die persentasie wat gesterf het, ongeveer 18% van die Afrikaners in die twee republieke, of 8% van die Afrikaners as geheel.

Talle toesprake is by die onthulling gehou en kranse is gelê, ook een namens die Nederlandse regering. Die skare het "Want Goedertieren is de Heer" (Psalm 100) gesing, en die koor drie koorstukke van P.K. de Villiers: "Zalig, zalig, zijn de dooden die in de Here sterven" (uit Openbaring 14:13); "Uren, dagen, maanden, jaren" (Gesang 160, wat later in die Gesangeboek van 1944 verafrikaans is), en "Dit is de Dag" (uit Psalm 118:24: "Dit is de dag dien de Here gemaakt heeft…"

Alles het in plegtige stilte geskied. Maar toe genl. C.R. de Wet begin praat, het 'n gejuig losgebars. Pres. Steyn het gevra dat die skare hulle weerhou van applous, omdat dit so 'n plegtige, ernstige geleentheid was.

Die lede van die Vrystaatse "driemanskap" tydens die oorlog – pres. Steyn, genl. De Wet en ds. J.D. Kestell is by die monument begrawe (onderskeidelik in 1916, 1922 en 1941, en die as van Emily Hobhouse is in 1926 in 'n nis aan die voet van die gedenknaald van die monument geplaas. Mev. Tibbie Steyn is in 1954 in die graf van die president te ruste gelê.

Die skryfster M.E.R. (M.E. Rothmann), wat die onthulling bygewoon het, verklaar in *My beskeie deel* dat die monument vir haar hartroerend en sprekend gebly het, "iets eie aan ons land, ons volk, onse hele geskiedenis".







***Nasionale Vrouemonumentkommissie 2013:*** *Voor, van links na regs: prof. Andries Raath (ondervoorsitter), prof. Piet Strauss (Voorsitter) en me. Esta Jones Sekretaresse). Middel, van links na regs: dr. Johan Loock, mev. Magdaleen Schoch. mej. Corlietha Swart en mnr. Willie Engelbrecht. Agter, van links na regs: mnr. Arnold Theron (Tesourier) en adv. Colin Steyn. (Corlietha Swart, 'n dosent verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, is in 2007 deur die voormalige rektor van die Universiteit van die Vrystaat, prof. Francois Retief, wat toe voorsitter van die NVMK was, genomineer en deur die lede tot die NVMK verkies. Sy is tans een van die drie langsdienende lede in die huidige komitee wat in 2013 die monument se Eeufeesviering en opknapping meegemaak het.)*





# Prof. Jaap Steyn word 75!

## *Corlietha Swart*

Prof. Jaap Steyn, navorsingsgenoot, skrywer, taalpolitikus en voormalige personeellid van die Departement Afrikaans en Nederlands. Duits en Frans het in 2013 sy 75ste verjaarsdag saam met vriende en oud-kollegas by die restaurant, *Pimento*, op die UV-kampus gevier.



*Hier staan prof. Jaap Steyn tussen prof. Naomi Morgan van die afdeling Frans en dr. Annette de Wet (voorheen as taalkundige verbonde aan die departement).*







*Prof. Hennie van Coller (departementshoof) spreek 'n paar gevleuelde woorde oor sy vriend en oud-kollega, prof. Jaap Steyn, op sy 75ste verjaarsdag.*



# Navorsingsgenoot se gedig een van die honderd gewildste Afrikaanse gedigte van alle tye!

*Corlietha Swart*




Leserskring, in samewerking met die koerantbylaag, By en RSG het met 'n landswye opname onder die publiek die honderd gewildste Afrikaanse gedigte van alle tye probeer bepaal en toe die resultaat gebundel en in CD-formaat met voorlesers saamgestel. Dit was duidelik dat D.J. Opperman se Junior en Senior Verseboek, waarmee die land se jeug in hul skoolloopbane te doene gekry het, 'n groot invloed op die uitkoms van die opname gehad het. Dit was veral die ouer (en saliger) digters wat in die bekende verseboeke opgeneem is, wat die eerste 100 posisies domineer. Net meer as 5% van die digters leef nog. Onder hulle is prof. Jaap Steyn, skrywer-digter en navorsingsgenoot van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die UV, met sy gedig, *Woord en Sin*.

'n Merkwaardige prestasie!

Baie geluk!



# Toets jou kennis: Fokus steeds op fobies

***Corlietha Swart***

’n Fobie is ’n oorheersende en ongegronde vrees wat met bepaalde situasies of voorwerpe verband hou wat normaalweg nie vreeswekkend behoort te wees nie. Tot 18 % van die bevolking ly volgens navorsing aan een of ander fobie. Na watter fobie verwys die volgende begrippe?

1. Hipnofobie
2. Kinofobie
3. Lalofobie
4. Fognofobie
5. Demonofobie
6. Tafofobie (iets waaraan Langenhoven gely het)
7. Talassofobie
8. Kerofobie
9. Nekrofobie
10. Nosofobie

[Sien bladsy 54 vir die antwoorde]



# Ridder Naomi Morgan van die UV

***Corlietha Swart***

Ons skuur daagliks skouers met 'n ridder by die werk! Naòmi Morgan, professor in Frans aan die Universiteit van die Vrystaat, vertaler en skrywer, het in 2013 verneem sy word met die Chevalier de l'Ordre des Arts et des Lettres (Ridder van die Nasionale Orde van kuns en die lettere) deur die Franse regering vereer. Dis 'n merkwaardige prestasie en plaas haar in die liga van die grotes – vorige Suid-Afrikaanse ontvangers van dié orde is die skrywers André P. Brink en J.M. Coetzee! Die prys is vir "mense wat bekendheid verwerf het deur hul skeppende werk op kuns- en literêre gebied".



Morgan sê sy het al baie tekste vertaal, maar "dinge het 'n ander wending geneem met Oskar en die pienk tannie" en daarvoor moet sy die Vryfeeskomitee bedank. Nadat Morgan dié drama vertaal het, het sy dit aan Sandra Prinsloo voorgelê. Prinsloo het dadelik die potensiaal daarin gesien, die gerekende Lara Bye as regisseur gekry en in 2011 met die stuk op die Vryfees gedebuteer.

Morgan se Afrikaanse vertaling van Eric-Emmanuel Schmitt se Franse teks is daarna deur Human & Rousseau uitgegee en die boek is vroeër vanjaar op die Woordfees bekend gestel.

Morgan sal die orde van die Franse ambassadeur in Suid-Afrika, Elisabeth Barbier, ontvang. Dis 'n voorreg om saam met 'n ridder te werk!





# Dr. Annette de Wet onthou …

## *Corlietha Swart*

Dr. Annette de Wet, wat sedert die laat tagtigerjare as taalkundedosent verbonde was aan die *Departement* se afdeling *Afrikaans en Nederlands* (huidige taalkundedosente, soos prof. Angelique van Niekerk en Corlietha Swart was studente in haar klas) het onlangs aangesluit by die *Centre for Teaching and Learning* op die UV-kampus wat in die Sasol-biblioteek geleë is. Hier is sy besig om haar kantoor (sedert die laat tagtigerjare) in die FGG-gebou te ontruim en wys vol nostalgie 'n artikel wat in 1988 verskyn het toe sy saam met kollegas, soos proff. M.C.J. van Rensburg, Hans du Plessis, Theo du Plessis en Daniël Hugo e.a. navorsing gedoen het oor Oranjerivier-Afrikaans, Griekwa-afrikaans, ensovoorts. Sterkte met die nuwe werksuitdagings en veranderde omgewing – ons sal ons oud-dosent en kollega mis! (Terloops: sy lyk steeds nie 'n dag ouer as vyf-en-twintig jaar gelede nie!)






# Nederlandse beurse vir Afrikaanse studente in 2013

## *Prof. Angelique van Niekerk*

Die NTU (Nederlandse Taalunie) stel jaarliks beurse ter beskikking van studente wat presteer in Afrikaans en Nederlands. Navrae oor die beurse kan jaarliks in September by die departement gedoen word. Aansoeke word aanlyn ingedien via 'n bepaalde webadres.

Die suksesvolle kandidate word gewoonlik ook genomineer vir die jaarlikse **weeklange Nederlandse winterskool** moontlik gemaak deur die NTU. Die winterskool roteer tussen die verskillende SA-universiteite. Aankondigings hieroor word via die e-leersisteem gedoen in die betrokke AFN-modules of navrae kan by die departement gerig word teen November elke jaar. Beurse word landswyd toegeken en die UV het die volgende beurswenners gehad in 2013.



***Van links na regs:*** *Stefanie van Eeden, Adele Opperman, Emme-Lania Faro, prof. Angelique van Niekerk, Lu-Ané le Roux, Luzanne Crous, Lize-Mari Stassen, Julé Pretorius, Cornay Campbell, Waughnette Schoombie, prof. Hennie van Coller, Marianne Elsenaar. Die volgende beurshouers was afwesig met die neem van die foto: F. Cilliers, M. Bosch, A.H. Botha & M. Schlebusch.*





# Wat zeg je? CNaVT-examen voor Nederlands

***Prof. Angelique van Niekerk***

Na ’n volledige semester Nederlands (taalverwerwing en letterkunde in die tweede studiejaar) kan studente in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en geleentheidstudente ook via die departement inskryf vir die internasionale eksamen in Nederlands, *Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT)*.

Detail oor die eksamen kan bekom word by die dosent van die kursus of op die webblad: www.cnavt.org.

Op die foto is van vanjaar se suksesvolle kandidate van die *Certificaat Nederlands als Vreemde Taal examen*. Die eksamen word jaarliks aan die begin van Mei by die UV afgeneem en belangstellendes moet teen einde Februarie daarvoor registreer via die dosent, prof. Angeliqué van Niekerk, vnieka@ufs.ac.za.



***Van links na regs:*** *Luzanne Crous, Sanet Steyn, prof. Angelique van Niekerk (dosent) & Trudalise Kirsten. Die volgende suksesvolle kandidate was afwesig tydens die foto: Therese Schlebusch en Elené Botha.*



# Alles en almal verbind: netwerkanalise binne die letterkunde

*Burgert Senekal*

## Inleiding

Die Universiteit van die Vrystaat se Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans is bekend vir die sisteemteoretiese benadering tot die letterkunde. In die tagtigerjare het prof. Jan Senekal oor sisteemteorie gepubliseer, en in die daaropvolgende dekades was dit veral prof. Hennie van Coller en prof. Bernard Odendaal wat 'n sisteemteoretiese benadering tot die letterkunde gevolg het. Hierdie teoretiese raamwerk word ook aan voorgraadse studente doseer, en verskeie nagraadse studies vanuit die UV het ook hierdie raamwerk aangewend, byvoorbeeld Christel Venter se PhD-proefskrif getiteld: *'n Sisteemteoretiese perspektief op die vertaling van Suid-Afrikaanse literatuur in Nederlands* (2002), wat onder prof. Hennie van Coller voltooi is.

'n Nuwe verwante benadering is netwerkanalise. Sosiale Netwerkanalise (SNA) word wêreldwyd in verskeie dissiplines aangewend in die ontleding van komplekse sisteme of –netwerke. Veral in sekuriteitstudies en militêre intelligensie is SNA se bruikbaarheid oor die afgelope dekade bewys, onder andere in die gebruik daarvan om Saddam Hussain op te spoor. Generaal David Petreaus, toe die bevelvoerder van Amerikaanse magte in Irak, wy ook 'n hele afdeling aan SNA in die nuwe teeninsurgensiegids van die Amerikaanse weermag. Die bruikbaarheid van SNA is ook op verskeie ander terreine bewys: SNA word gebruik in die opsporing van geldwassery in banke, in die ontleding van verwysingsisteme in die akademie, die ontleding van rolle wat verskillende werknemers in organisasies speel, ensovoorts. As sulks is SNA 'n benaderingswyse wat nie alleen interdissiplinêr bruikbaar is nie, maar ook in die praktyk sowel as in die akademie, en word toenemend in verskeie dissiplines aangewend soos rekenaarprogrammatuur meer gebruikersvriendelik word, aangesien netwerkanalise sterk op rekenaarprogrammatuur steun.

## SNA en uitgewersprofiele van vier Afrikaanse skrywers

SNA deel veral sisteemteorie se klem op die interaksies tussen rolspelers eerder as die eienskappe van die rolspelers self. Dit fokus op hoe informasie binne die netwerk beweeg, en een van die hoof-oogmerke van SNA is om sleutelfigure te help identifiseer – gewoonlik uit groot datastelle. Die basiese uitgangspunt is dat die samewerking van rolspelers lei tot groter funksionaliteit van die netwerk as bloot 'n somtotaal van






individuele funksies – ook 'n beginsel wat bekend is vanuit die sisteemteorie. Lawson, Ferris en Cropley (2006:9) definieer 'n netwerk soos volg:

> A network is formed when a number (between two and infinity) of distinct entities that may be similar or dissimilar (nodes, elements, components, people, military formations, software instructions) are connected and interact such that new properties or behaviours emerge that are beyond the capabilities of any of the entities acting alone. These emergent properties cannot be predicted using reductionist consideration of the distinct entities. They are of interest because of the functions they perform and the purposes they serve, while the distinct and dissimilar entities included within a particular network boundary are those that are understood to be most significant in determining the emergent properties.

Die eenvoudigste formaat van die netwerk is waar twee nodusse (entiteite) met 'n enkele skakel verbind is. Meer komplekse netwerke word in hoofsaaklik drie soorte ingedeel, volgens Arquilla, Ronfeldt en Zanini (1999:84):





*Figuur 1: 'n Tipologie van netwerke*






Rolspelers (nodusse) se onderskeie rolle kan deur rekenaarprogrammatuur onder andere ontleed word in terme van graadsentraliteit, nabyheidsentraliteit, tussenliggingsentraliteit, spilwaarde, gesaghebbendheid en algehele gewig binne die netwerk. Die programmatuur bereken self watter rolle nodusse binne die netwerk inneem, nadat hulle en hul skakels op die databasis aangebring is. Vir illustrasiedoeleindes is die verhoudinge tussen skrywers waarvan versamelings in die Lerouxkamer bestaan (André P. Brink, Etienne Leroux, Ingrid Winterbach en Pieter Fourie) en uitgewers nagegaan om skrywers se uitgewersprofiele te bepaal, sowel as die rolle wat uitgewers binne hierdie klein netwerk inneem.

In die eerste plek is dit duidelik dat alle skrywers nie ewe wyd publiseer nie, soos blyk uit 'n vergelyking tussen Brink en Leroux:





*Figuur 2 : André P. Brink se uitgewersprofiel*






*Figuur 3: Etienne Leroux se uitgewersprofiel*




*Figuur 4 : Uitgewersprofiele*


Wat veral interessant is, is om te kyk na waar verskillende skrywers gepubliseer het; met ander woorde waar oorvleuel uitgewers-profiele:

Human & Rousseau se dominante posisie is duidelik in hierdie sosiogram: Brink het by alle uitgewers gepubliseer waar die ander skrywers ook gepubliseer het, maar beide Leroux en Winterbach het ook by Human & Rousseau gepubliseer, en boonop heelwat werke. Let ook op die rol wat Taurus inneem: die uitgewer word wel net gedeel deur Brink en Winterbach, maar 'n groot aantal van hul werke word daar gepubliseer. Tafelberg en Van Schaik is relatief afgesonder, en word nie met Leroux of Winterbach verbind nie, maar Perskor word gedeel tussen Brink, Leroux en



Fourie. Die implikasie hiervan is dat Human & Rousseau die belangrikste afsetgebied tussen hierdie skrywers was, en gegewe die feit dat al vier skrywers groot rolspelers binne die Afrikaanse literêre netwerk is, kan ook verder gespekuleer word dat Human & Rousseau 'n baie belangrike rolspeler in die Afrikaanse literêre netwerk is.

Waar die voorafgaande sosiogram met 'n sogenaamde "incremental"-uitleg gegenereer is, bestaan daar ook ander uitlegte wat gebruik kan word om 'n duideliker beeld te verkry. Die "force-directed"-uitleg posisioneer nodusse binne die netwerk op grond van die onderlinge werking van kragte in die netwerk soos gesien in Figuur 5.





*Figuur 5: "Force-directed"-uitleg*





Let daarop dat Human & Rousseau nou in die middel van die sosiogram aangetref word – 'n indikasie van dié uitgewer se sentraliteit in die netwerk.

Die sirkel-uitleg maak dit wel moeilik om individuele entiteite se name te onderskei, maar entiteite met baie skakels word as't ware soos 'n soeklig wat deur die netwerk skyn:



*Figuur 6: Sirkel-uitleg*


Nodusse wat soos 'n soeklig deur die netwerk skyn, kan dan met 'n vergroting geïdentifiseer word; in hierdie netwerk is die twee nodusse met die grootste aantal skakels (die soekligte) Human & Rousseau en André P. Brink. Ander uitlegte sluit in hiërargies en ortagonaal. Die verskillende uitlegte maak dit maklik vir die navorser om 'n oorsigtelike visuele blik van 'n netwerk te kry, wat veral bruikbaar is in die identifisering van sleutel- sowel as randfigure in die netwerk.

SNA programmatuur kan wyer aangewend word as bloot die grafiese voorstelling van verhoudinge, en kan self berekenings maak ten opsigte van die rolle wat nodusse binne 'n netwerk inneem. Een so 'n berekening is graadsentraliteit ("degree sentrality"), wat eenvoudig na die hoeveelheid skakels verwys wat 'n nodus binne 'n netwerk het. Uiteraard beteken 'n groter aantal skakels nie dat iemand meer toegang tot inligting het nie, aangesien dit belangriker is om te kyk na watter persone daardie skakels lei, maar graadsentraliteit dui wel op die diversiteit van skakels. In hierdie datastel is Brink en Human & Rousseau uitgesonder as die nodusse met die grootste mate van graadsentraliteit, wat beteken dat hulle die meeste skakels het: Brink omdat hy die meeste en wydste gepubliseer het, Human & Rousseau omdat dié uitgewer die meerderheid van hierdie skrywers se boeke gepubliseer het.





Tussenliggingsentraliteit ("betweenness centrality") dui op die mate waarin 'n nodus tussen ander nodusse binne die netwerk lê. Individue met ŉ hoë tussenliggingsentraliteit het ŉ voordelige of kragtige posisie in die netwerk, verteenwoordig ŉ sistemiese swakpunt (die verlies aan so ŉ persoon beteken die verbrokkeling van skakels), en het ŉ groter mate van invloed oor wat in ŉ netwerk gebeur (FMS Advanced Systems Group 2007:160). In hierdie datastel is Brink en Human & Rousseau uitgesonder ten opsigte van tussenliggingsentraliteit, wat beteken dat hulle oor die grootste potensiaal beskik om die netwerk te beïnvloed. Wanneer die aanduider *gesaghebbendheid* ("authority") gebruik word, is dit ook hierdie twee nodusse wat uitgesonder word (rooi en oranje in die volgende sosiogram):




*Figuur 7: Gesaghebbendheid*



’n Belangrike verdere gebruik van SNA programmatuur – bo en behalwe die identifisering van sleutelfigure – is die identifisering van randfigure of periferale nodusse. Aangesien netwerke binne ’n netwerk van netwerke bestaan (soos die polisisteem uit ’n sisteem van sisteme bestaan), is die netwerk wat ondersoek word, slegs een netwerk wat in werklikheid met ander netwerke skakel. Met bogenoemde sosiogramme kan periferale nodusse vinnig uitgewys word, en hierdie is gewoonlik nodusse met ’n buitengewone potensiaal om vernuwing in die netwerk te bring, soos vernuwing ook in sisteemteoretiese terme menigmaal die netwerk vanaf die periferie binnedring. Uitgewers wat met behulp van die “incremental”-uitleg sodanig uitgelig kan word, sluit in Ad Donker, Culemborg, Kagiso, Umuzi, en Dalro – almal belangrike alternatiewe afsetkanale binne die Afrikaanse literêre netwerk. Ad Donker se alternatiewe publikasiekanaal het byvoorbeeld in die Apartheidsera die geleentheid gebied om meer gewaagde romans te publiseer as wat deur die hoofstroom aanvaar is. Sodoende word vernuwing soms binne die netwerk ingebring – iets wat visueel voorgestel word met SNA.

Interessant dan is Taurus se relatief sentrale posisie. Taurus was ook een van die onafhanklike uitgewers in die Apartheidsjare en het immers begin met die publikasie van André P. Brink se *ŉ Oomblik in die wind*, wat deur Human & Rousseau afgekeur is as gevolg van die moontlikheid dat dit verban sou word (Venter 2008:106-108). Taurus mag miskien onafhanklik gewees het en nie tot die hoofstroom publikasies behoort het nie, maar binne die werklike netwerk soos hierbo voorgestel, is die uitgewer geensins periferaal nie, maar ’n belangrike rolspeler. Aangesien dié uitgewer soveel van die belangrike skrywers se werke gepubliseer het, het dit vanaf ’n periferale tot ’n relatief sentrale posisie binne die netwerk beweeg.

**Slot**

Hierdie kort artikel het een moontlike gebruik van SNA aangetoon, maar daar is heelwat meer wat met hierdie benadering bereik kan word. Aangesien SNA met groot datastelle kan omgaan, kan elke uitgewer, elke resensie, elke akademiese joernaal, en elke verhandeling of proefskrif (selfs elke kursusmodule waar hierdie skrywers se werke aangebied word), betrek word in ’n studie van die Afrikaanse literêre netwerk. Sodoende kan nagespeur word watter akademiese joernale, watter letterkundiges se publikasies, sowel as watter kritici se resensies die meeste na verwys word. Verder kan ondersoek ingestel word na watter uitgewers die grootste rol speel in die Afrikaanse boekebedryf, watter skrywers die sentrum van die kanon verteenwoordig (en watter van hulle werke), ensovoorts. Sonder SNA is dit nie moontlik om alle rolspelers





in ag te neem nie: die 288 entiteite wat by Senekal (2012) betrek is, dra reeds 'n groot aantal relasies by om te ondersoek. Wanneer SNA egter gebruik word, kan duisende rolspelers betrek word, en die implikasie is dat die hele Afrikaanse literêre netwerk met 'n enkele oogopslag beskou kan word, en sleutelfigure kan onmiddellik deur die programmatuur uitgewys word. Daar is dus heelwat verdere studie wat aan die hand hiervan onderneem kan word binne die Afrikaanse letterkunde.

**Verwysings**


Arquilla, John, David Ronfeldt, and Michele Zanini 1999. "Networks, Netwar, and Information-Age Terrorism." in *Strategic Appraisal: The Changing Role of Information in Warfare*, edited by Zalmay Khalilzad, John P. White, and Andrew Marshall. Santa Monica: RAND.

FMS Advanced Systems Group. 2007. *Sentinel Visualizer 4.0: The New Standard for Data Visualization and Analysis User Guide*.

Lawson, E., T. Ferris, D. Cropley, and S. Cook. 2006. *Development of a Foundation for Military Network Science*. Systems Engineering and Evaluation Centre (SEEC), University of South Australia.

Senekal, Burgert A. 2012. "Die Afrikaanse literêre sisteem: ŉ Eksperimentele benadering met behulp van Sosiale-netwerk-analise (SNA)." *LitNet Akademies* 9(3).

Venter, Cristél 2002. "n Sisteemteoretiese Perspektief op die Vertaling van Suid-Afrikaanse Literatuur in Nederlands." Bloemfontein: University of the Free State.

Venter, Rudi. 2008. "Uitgewery-ondersoek en die kartering van die boekuitgewerybedryf: Nuwe geleenthede vir (Suid-)Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing." *Stilet* 20(2):1-32.



**Nota:** *Hierdie* Dolos-*artikel is gebasseer op die artikel, "'n Netwerkontleding van karakterverhoudinge in Etienne van Heerden se* Toorberg", *wat in* Literator *gaan verskyn.*




# Speak Afrikaans / Gesellig Afrikaans / Bua Seafrikanse 2013

## *Ida Meiring en Anneen Church*



Die Departement Afrikaans en Nederlands bied vir meer as vyftien jaar reeds jaarliks Afrikaans as Vreemde Taal informeel aan klein groepe studente. Hier is 'n foto van die studente wat die prysuitdelingsfunksie in Oktober 2013 bygewoon het. Die twee fasiliteerders was Ida Meiring en Anneen Church.

**Kandidate in 2013 was:**

**Gesellig Afrikaans 1 (Basiese kursus)**: Spence Daniel, Haubold Anna, Mokhafola Mpho, Heather Nyakunuhwam, Vongayi Ndadzibaya, Moshoeshoe Nkafane, Fadzai Nyamusamba, Mutsawamwari Chapeyama, Brian Hlongwane, Dong Li, Xu Xu (Iris), Mafumane Malahleha, Johanna Tyrakowski, Naomi Yvonne Mbelekani, Dorcas Rutendo Rupere, Ruvimbo Isabela Nyakady, Sharmaine Dzaro, Melatia Nengomasha, Mahlaku Malahleha, Lin Hongfan en Rosa Williams.

**Gesellig Afrikaans 2 (Gevorderde kursus) Tweede semester 2013:** Helvy Thembi Kganane, Adam Houldsworth**,** Femke Strietman, Emy Gaarthuus, Benjamin Daumiller, Susanne Evers en Booysen Zhao.



# Die NALN – 40-jaar oud in 2013!

## *Corlietha Swart*



Die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum, 'n breinkind van oorlede prof. Petrus. J. Nienaber, het in 2013 veertig jaar oud geword. Mnr. Otto J. Liebenberg is die huidige kurator van die museum wat agter pres. Brand se standbeeld in die Ou Goewermentsgebou in die historiese pres. Brandstraat geleë is. Tydens die veertigjarige feesgeleentheid het Corlietha Swart, wat besig is met nagraadse studies oor die NALN, die volgende gelukwensingsparagraaf, wat die museum in 'n neutedop opsom, aan die museum gerig:

> "NALN – 40-jarige baken (Pharos) van die Afrikaanse letterkunde
>
> In die gange van NALN eggo Afrikaanse frases en versreëls uit vervloë dae. In die gange van NALN hoor jy die stemme van geliefde skrywers en digters in Afrikaans. In die gange van NALN draal nostalgiese melodieë van Afrikaanse volksliedjies. Die gange van NALN adem perkament en lessenaarpolitoer waar geslagte skrywers alskrywend onvergeetlike boekemonumente opgerig het. In die kluise van NALN oorwinter handgeskrewe manuskripte van deurwinterde skrywers. En vandag het die drumpel van NALN die voetval van groot, hedendaagse skrywers ervaar. Skrywers wat nog lewe – wie se kosbare skryferfenis ook moontlik nog eendag hul pad in bokse na hul dood oor daardie einste drumpel gaan vind. Maar vandag LEWE hulle en hul vier fees – die 40-jarige bestaan van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum as genooide gaste …
>
> Baie geluk, NALN, en sterkte vir die volgende veertig jaar!"



# Slypskool vir Nasionale Poort-skryfwedstryd – 2014

## *Dr. Anthea van Jaarsveld*



***Agter, van links na regs is:*** *Sisca Julius (Finale wenner), Ruan Jacobs, Jaco-Marie Futcher, Frederik van Heerden, Tasmiyah Moola (Derde plek), Alida van der Walt (Tweede plek), Tanita Permaul, Delene van Wyk, Jemima Meyer. Suzannah Visser was nie teenwoordig tydens die neem van die foto nie.* ***Voor:*** *Prof. Hennie van Coller (Aanbieder: Poësie) en Alexander Strachan (Aanbieder: Prosa).*



## Wenbydraes van Poort-skryfwedstryd 2013

# Twee gelowe my kjeent

***Sisca Julius***

"Twee gelowe op een kussing, en die duiwel lê daar tussen."

Mammie, dis nie iets wat ek ligweg gaan vatie. Hy's my first teenage love affair en my grootste admirer. Lees elke woord wat uit my pen val. En Mammie weet sometimes is daar bloed in my pen.

Ek weet hy's nie perfek in Ma, die skool of Suid-Afrika se bleddie oë nie, maar op een of ander manier is hy vlekloos in myne. En soms wonder ek of ek hom in my kop opgemaak het. Want kyk, hy's van 'n ander wêreld.

Out of this world.

Mammie, julle gaan my seker judge, my kruisig, maar vannaand kom hy kuier. Hy's mos 'Trouble met 'n big fat scarlet ribbon getie'. Ek worry nie. Ek en hy gaan vannaand die Bybel en die Koran onder die groot klip by die appelkoosboom bêre. Wegsteek. Begrawe. Een wêreld.

Op die gras in die koel wind het ons met koue vingers mekaar se hare deurvleg. Net daar gelê soos nat vuurhoutjies en tragedies uitgeruil. Die nag het sy sterkombers oor ons koppe kom trek. Ek wonder wat hy dink.

Ek't half gebid dat Jesus en Allah die strydbyl wou begrawe en vir ons twee die tyd laat stil staan. Dat die draaispoel van tyd sou vashaak tussen al die ratte en speke wat dit aan't draai hou. Want die wind is perfek vandag, en sy oë het my siel oopgeskeur en die binnekant uitgelek. Hy's só verbode. En 'n verbode vrug is mos 'n ding wat lekker smaak. Ek wil hom hê. Maar, "Jy kan hom maar op jou pens skryf en met jou top afvee."

Ons tel toe die sterre een vir een en vir een nag droom ons meer as wat ons slaap.

Maar ek weet binnekort sal die stupid wind die son gaan wakker maak. Dan moet die Arabiese afstammeling teruggaan na sy hoekie van die wêreld. Vergeet van die Christen Kleurlingkind wat hy agterlos. Toe druk ek my koue hand in my baadjie se sak, sluk die knop in my keel af en stap weg. Woordloos. Sonder om terug te kyk. Ek wonder wat hy dink.



Twee wêrelde. Want dit maak nie saak dat hy die eerste een is wat al ooit vir my ’n gedig geskryf het nie. Een wat nie rym nie. Nes ek daarvan hou. Ek sal nooit vergeet hoe die Ingelse klong Sakmense voor my deur kom sit en lees het nie (net om my te impress). Of die dag toe hy ‘hartstogtelik’ in die HAT opgesoek het net om dit vir my in ’n sin te gebruik.

“Hy soen haar hartstogtelik,” is al waarmee hy vorendag gekom het. Heel waarskynlik netso afgeskryf uit die HAT. Maar ek het dit in my dagboek vasgepen. En oor en oor en weer gelees. Sou Ma nie?

Al my memories van hom moet ek nou toe koevert en vir ’n onbekende posman gee om dit met stof te gaan bedek.

Dis net, hy’t nooit gepretend om my ridder op die wit perd te wees nie. Nooit jam om my mond gesmeer nie. Hy was my lomp prins wie se hond se naam Duiwel is en wat sy tekkies met ’n tandeborsel en Handy Andy was. Hy het saam met my windgelekte stories aan die maan vertel. Hy’s die een wat ek wil hê, maar nooit mag hê nie.

“Hierie jongetjie verlei jou net.”

Ek sal my Bybel onder die klip by die appelkoosboom gaan haal. Selfs ’n paar verse daaruit lees. “Die liefde glo alles, bedek alles, verdra alles, hoop alles …” Die Koran wegstuur. Twee wêrelde. Ander wêrelde.

“Hy soen haar hartstogtelik- Ameer 02-04-13”. Net ’n memory, Ma. Ek het hom nie in my kop opgemaak nie. Ai, Ma, ek weet onse mense glo nie in sulke goed nie. Ons glo nie in onnodige rasmengsels nie.

“n Bok is ’n bok en ’n skaap is ’n skaap.”

Ons glo nie in tokkelosse nie. Ons glo nie dat die liefde blind is nie. Ma het my dan altyd geleer dat mens net wit en swart kry. Jou hart is wit of jou hart is swart. Jy weerspreek jouself, Mammie.

“Nee Fransisca, ek soek nie daai klong nie. Twee gelowe op een kussing, my kjeent, die duiwel lê daar tussen.”





# Die naweek wat my wêreld vir altyd verander het

## *Alida van der Walt*

Ek kyk op na die son, knip-knip my oë, en bid suutjies dat die ongewenste trane sal opdroog.

Die lug is minder blou as gewoonlik, en ver bo die aarde sien ek 'n honger aasvoël wat om en om en om in die nimmereindigende sirkels van sy eie doolhof vlieg. Lizette gee my 'n onverwagse pomp in die ribbes, en maak my wakker uit my beswyming.

Ek staar voor na die swaar swarthoutkis voor my. Die vreemdeling wat daarin rus, sak stadig die grond in, onwetend op pad na sy nuwe rusplek.

'n Week gelede sou hierdie vars graf en die blink doodskis vir my 'n bietjie minder as niks beteken het nie. Ek sou nie die treurende massa se smart gedeel het nie. Hel, ek sou tien teen een nie eers hiervan geweet het nie. Maar die noodlot het anders besluit…

Sy naam was Nicholas … Nicholas Engelbrecht. *Hy was sy ouers se enigste kind, 'n rolmodel vir baie en* 'n *geliefde figuur in die gemeenskap.* So staan dit geskryf. Maar nêrens staan daar enigiets van die goue atletiekbekers wat in sy kamer op die rak ingeryg is nie … *Die Blou Blits,* so het hulle hom genoem – sy naellooptalent. Nêrens word dit eers genoem dat daar nou 'n leë stoel is waar die skool se onderhoofseun gewoonlik gesit het nie. Op nie een plek word daar met sy akademiese vermoëns gespog nie. Ja, selfs sy begrafnisbrief is nederig en sonder verwaandheid – nes hy was, en nes hy dit ook sou verkies het.

Die vorige week se gebeure speel vir die soveelste keer weer in my kop af. My gedagtes is nou al soos een van Ma se antieke plate wat onder die platespeler se armpie vasgehaak het.

Dit is vir die soveelste keer weer Saterdagaand. 18:30. Die weerkaatsing in die spieël lieg nogmaals nie vir my nie – met bloedrooi pruillippe, smeulende oë en 'n kort roomkleurige kleefrokkie lyk ek befok.

Dankbaar om uit die bedompige en onderverligte badkamer te kom, sweef ek terug na die groepie mense wat ek my vriende noem. Die kelnerin bring my derde brandewyn en Coke. Ek steek 'n sigaret op – Marlboro Red – trek die rook diep in my longe in, hou dit 'n rukkie daar, blaas uit, en herhaal. Trek, hou, blaas. Trek, hou, blaas. Dit was warm en krapperig in my keel, maar tog nie onsmaaklik nie.





Stadig maar seker begin my kop draai. Tyd gaan vinnig verby, en voor ek mooi besef wat aangaan, het die partytjie na Niël se huis verskuif. Die partytjie se tempo is egter nie gebreek nie; inteendeel, dis nou in volle swang.

*Ek het al lankal vrede gemaak, ek het deel van al daai kinders geraak vir wie jy so gemaklik in die verbystap jou kop voor kan skud …* sing Die Tuindwergies luidkeels. Almal sing saam.

Almal beaam.

Skielik en onverwags is dit 23:00. Het die tyd dan so vinnig verby gegaan? Pappa bel – ek sukkel om hom te hoor tussendeur die onsamehangende geraas van 'n klomp dronk, bedwelmde partytjiegangers. Hy gaan oor tien minute hier wees, sê hy, ons moet solank reg staan.

Ons? Skielik onthou ek van Lizette. "Het jy my kleinsussie gesien?" vra ek benoud en aanhoudend vir enigiemand wat nugter genoeg is om te verstaan. Uiteindelik kry ek haar, êrens in die donker hoek van 'n verlate kamer. *Wat het ek aan haar gedoen?* vra ek vir myself. *Ek moes mos van beter geweet het – sy is nog te jonk vir sulke dinge.* Ek sit haar arm om my lyf, sleep haar kar toe. Gelukkig is Pappa ook moeg, en sien hy nie wat aan't gebeur is nie.

Ons begin ry. Net toe ek begin dink dat alles wel goed sal uitdraai, verklik die alkohol homself … Lizette raak naar. Pappa besef iets is aan die gang, en kyk om. En toe tref ons hom, Nicholas … Hy lê stil en stukkend. 'n Sekonde se verdeelde aandag in ruil vir 'n lewe.

***

Hier en daar lig 'n tannie 'n sneesdoekie nader om haar betraande oë droog te vryf. Net sodra dit wil blyk asof die gehuil nou klaar is, begin die trane weer vloei. Moeiteloos. Hoe sou enigiemand kon weet waar die smart van verlies begin en eindig?

Die stewige teddiebeer van 'n man wat ek soms ''Pa" noem, verander met elke snik wat aan sy liggaam ruk in 'n klein seuntjie. Mamma se arm is om sy lyf, en haar hand troos saggies oor sy rug. *Ek wonder of hulle my kwalik neem,* dink ek. Dis immers ek wat vir Lizette in die eerste plek beter moes oppas … *Of neem hulle dalk hulleself kwalik?*





En toe, asof gestuur deur die Engel wat my hart se weë beter ken as ekself, maak die ou bekende lirieke hulle verskyning in my gedagtes – lirieke so dof dat ek amper vergeet dat dit nog bestaan. *As jy eendag groot is, sal jy weet waarvan ek praat, eendag as jy ouer is, luister na my raad. Dit lyk dalk nou onduidelik, want jy is nog 'n kind … Jou hele lewe lê nog voor, jy sal die antwoord vind!* sus Amanda Strydom.

## 'n Ander wêreld

### *Frederik van Heerden*

Hy was al 'n gesoute matroos. So gesout soos enige van daardie matrose wat in die ou stories oor die Aarde se see gevaar het. Selfs nog meer as 'n mens in ag neem dat daardie matrose slegs oor die water van 'n enkele planeet gevaar het. Die Aarde. 'n Planeet wat vir die meeste van die menslike spesie slegs voortleef in stories en skoolhandboeke. Etlike honderde jare al leef die meeste mense elders in die sterrestelsel.

"Hierdie een gaan ons verloor," sê hy terwyl hy vir hom nog een opsteek.

"Wat laat ons Oom so seker wees? Die Kommadant is tog nie 'n aap nie."

"Saak van opinie daai," giggel hy vir sy eie kommentaar sonder om op te kyk.

"Ag toe nou, Oom …"

"Ek sê jou, Boetie! Ons gaan hierdie een verloor. Orion Alfa en Sirius Gamma was anders. Die wesens op daardie plekke was maar net stamme wat nie daaraan gewoond was om onder mekaar saam te werk nie. Boerdorpenaars en jagterversamelaars. Maar toe raak ons mos hoogmoedig. Toe gaan dit nie meer oor plek, enige plek, kry om te bly nie; toe gaan dit oor die lekkerste plek kry om te bly. Ons dink mos ons is gode. Toe dink ons dat ons Gem sommer net kan kom vat vir die snaaksigheid."

"Ja, Oom , maar hoogmoed ten syde: Wat maak die Gemmers so anders as die Oreos of die Honde?"

Hy sit terug en neem 'n teug aan sy pyp. Na 'n oomblik hoor ek weer sy kalm, growwe stem terwyl hy ingedagte oor die littekens op sy regterhand vryf.





"Soos ek reeds gesê het, die Oreos en Honde se samelewings was nog in 'n vroeë fase. Hulle kon weinig weerstand bied teen selfs ons mees eenvoudige en mak wapens."

Ek het nie gehou van wat Oom Ulrich insinueer nie. Ons is altyd vertel dat die oorwinning van Orion en Sirius se inheemse redenerende wesens groot en heroïese seëvierings oor indrukwekkende, bloeddorstige opponente was. Oom Ulrich het dit meer laat klink na die oorrompeling van mense wat nie 'n kans gehad het nie.

"Aan die ander kant is Gem," gaan hy voort. "Die Gemmers is byna so tegnologies gevorderd soos ons. Ruimtereis het hul wel ontwyk, maar hul rekenaarsisteme, masjinerie, internasionaliteit – en hul wapens – is byna op ons vlak."

"Maar daar gee Oom self toe dat ons tegnologie wel effens beter is. Dus het ons die voordeel. Hoe gaan ons dan op dees Aarde verloor?"

"Onder andere, swak leierskap. Hier kom die arrogansie weer in. Die kaptein en sy trawante onderskat die Gemmers. Hulle neem swak taktiese besluite wat ons nog duur te staan gaan kom. Maar dit gaan nie net daaroor nie."

Ons sit in stilte na die onheilspellende stelling. Ek het baie min van die idee gehou dat die mense in wie ons almal se lewe geplaas is roekeloos te werk gaan.

"Nouja. Beste om vroeg in die kooi te klim," maak hy aanstaltes.

Ek gee Oom Ulrich 'n ongemaklike totsiens. My blik skuif na die massiewe ruit. Na die bewolkte planeet ver onder ons en die sterbespikkelde donker om dit.

"Wat is jou naam?" vra die rekenenaar vir my in 'n hoflike vroulike stem.

"Luitenant Jakob Heart," antwoord ek en gee my duimafdruk as bewys.

"Welkom, Luitenant," maak die rekenaar vir my die deure oop.

Ek neem my sitplek aan die massiewe tafel in. Die ander lede van die vergadering sit reeds – besig om in opgewekte stemtone te gesels. Vir hulle was Gem so te sê reeds hulle s'n. Dit was net 'n saak van hoe vinnig hulle die Gemmers kon onderwerp of uitwis. Die Kommandant staan op. Hy is geklee in sy volle deftige uniform met sy hoedjie onder sy arm. Hy maak sy keel skoon. Stilte begin heers.





"Here, ek verwelkom u almal by hierdie vinnige inligtingsvergadering. Laat ek nie baie van u tyd inneem nie. Dit het onder ons aandag gekom dat die Gemmers ʼn nuwe geheime wapen het wat volgens gerugte die stryd in hul guns kan beklink. Ek is seker dat dit eintlik maar net leë dreigemente, wilde spekulasie en blatante spekskiet is, maar nogtans om seker te maak gaan ek ʼn klein taakmag uitstuur om die wapen, as een ooit bestaan, se bedreigingsvlak te assesseer en moontlik te neutraliseer. Dit is wat ek wou sê, manne."

Die kommadant sit weer en die lede begin verdaag, terwyl hulle in dieselfde stemtoon as voorheen begin gesels. Na almal verdaag het, kom die Kommadant na my toe.

"Luitenant, is jy gereed?"

Soos alle Gemmers lyk Strong soos ʼn reuse wilde kat wat regop loop, maar hy is egter besonders gespierd vir een. Sy donkerblou pels (ʼn ongewone kleur vir ʼn Gemmer) het ʼn glans daaraan wat die gebruik van menslike sjampoe verklap. Sy liggroen oë kyk stip na my en het ʼn gebreekte uitdrukking in hulle wat pas by sy deurmatjieliggaamshouding. Dit is duidelik dat dit swaar op sy skouers weeg om ʼn Joiner te wees; om menslike wasmiddels, kos en behuising te gebruik ter wille van die veiligheid van sy familie terwyl sy soortgenote in die geveg teen sy nuwe kant ly.

Hy sou my gids na die wapenkompleks wees.

Die res van die span bestaan uit vier jong mans wat entoesiasties was oor die ekspedisie. Ons klim op die pendeltuig en die deur gaan agter ons toe. ʼn Sirene gaan af en die landingsbaai gaan oop.

Die skoonheid van Gem se reënwoude tref my elke keer. Alles in die agtergrond is diep groen met blomme van elke denkbare helder kleur wat orals hul blomblare by die groen uitsteek. Die stemme van duisende voëls begin weer opklink kort nadat ons geland het. As hulle nie so chaoties te kere gegaan het nie sou hulle die meeste menslike kore kon oortref. Die grond onder ons voete is soos klein prismas wat orals reënboë gooi. Die gelukkige borreling van ʼn rivier kan in die afstand uitgemaak word. My metgeselle snak na hul asem. Daar is egter een diep sug. Strong neem egter sonder ʼn woord die voortou en ons begin ons pad deur die groen doolhof vleg. Na ure se trek kom ons eindelik by die gebou aan. Dit lyk soos twee koepels sonder vensters wat met ʼn silinder verbind word. Die mure is dieselfde groen as die omsingelende bos.

By die enigste opening is twee groot Gemmers wat met lasergewere bewapen is. Kameras neem die toneel met koue, meganiese waaksaamheid in.





Ons begin. Een van die jongmanne mik 'n vashaakgeweer na die kameras. Hy trek die sneller een keer vir elke kamera. Die beeld wat hulle na die skerms uitstuur sal nou konstant wees: die van die vreedsame reënwoud en hul twee wagte wat getrou die ingang bewaak. My beurt. Ek haal diep asem. Ek mik. Daar is 'n stil oomblik. Ek skiet een Gemmer in die bors met 'n skokbal. Hy sak inmekaar, met wilde stuiptrekkings. Voor sy kameraad kan reageer, tref ek hom ook. Ons beweeg geruisloos na die kompleks se deur. Ek gebruik die wagte (wat nou roerloos op die grond lê) se pootafdrukke om verby die sekuriteitskandeerder te kom. Die deure gaan oop. Ons sluip binne. Ek draai om en kyk na die bewustelose wagte. Die skokballe wat ek op hulle gebruik het was lae stroom – hulle sal vir 'n paar uur bewusteloos wees. Ons gaan by 'n gang af, vat 'n links en 'n regs, maar dit is 'n doodloop. Gaan terug, vat 'n regs, by trappe op, maar daar is net kantore. So gaan dit aan. Die sweet loop langs ons koppe af. Ons kom twee Gemmers teë maar hulle word ook blitsig verdoof. By 'n gang af. Daar is 'n groot staaldeur. Ons gaan haal die verdoofde Gemmers en gebruik hul pote. Ons draf deur die silindergang. Deur 'n houtdeur. Het hom. Hierdie plek is een groot, ruim vertrek met 'n massiewe masjien in die middel.

"Wat de …," hoor ek een van die jongmanne fluister.

Die masjien maak sagte bromgeluide. Ons kyk deeglik rond voor ons verder ingaan. Die vertrek is verlate. So saggies as moontlik gaan ons by die staaltrappe af tot by die masjien. Die masjien se een kant het 'n venstertjie. Binne is proefbuise met wit poeier. Die venster is eintlik 'n deurtjie. Ek kyk om na die vertrek se ingang. Hoe lank nog voor iemand kom om te werk of om te kyk of alles in orde is? Ek maak die deurtjie oop. Ek vat die voorste proefbuis. Dis nie swaar nie. Twee van my metgeselle kom staan langs my. Ek wil die proefbuis in my sak sit.

"INDRINGERS! INDRINGERS!" gaan die sirene oorverdowend af.

Die houtdeur bars oop en wagte marsjeer in. Blitsvinnig skiet een van hulle 'n laser in ons rigting en ek moet kant toe spring om uit die pad te kom. Ek mors van die wit poeier oor my gesig. Ek asem die gif in.

Daar is skielik 'n hengse ontploffing uit 'n ander rigting wat die sirene en wagte se roepe laat wegraak. Alles is skielik net stof, maar daar is terselfdertyd daglig wat meteens instraal. Ek spring op my voete en hardloop agter die jongmanne na buite, deur die reuse gat in die muur wat ons geblaas het. Dit is 'n desperate poging – te voet sal enige Gemmer 'n mens kan inhaal. Dan weerklink die mooiste geluid op aarde: die enjins van die pendeltuig. Die ander was klaar by die leer op toe ek dit gryp. Ons begin styg. Ek klim hygend in die kajuit.





“Mooi so, luitenant!” jubel die Kommadant met ’n wye glimlag.

Maar dit klink asof sy woorde van ver af kom. Die vloer skuif. Ek is op die grond. Dis koud. Dan skielik is daar swart water oral en ek sink …

Die irriterende biep-geluid is wat ek eerste hoor. Ek maak my oë oop, maar trek hulle gou weer skrefies vir die snyende lig. Ek skuif regop en bespied my omgewing. ’n Klein kamertjie met mediese masjiene, ’n tafeltjie en ’n paar stoele (en die bed waarop ek lê). Die bed kraak soos wat ek weer terug in my kussings val (darem onder my eie keuse hierdie keer). ’n Dok kom in.

“Wel, mnr. Heart, welkom terug in die land van die lewendes.”

Hy gaan na die punt van my bed en kry die knipbord daar.

Hy begin by homself mompel terwyl hy lees: “Hartritme normaal, bloeddruk onder beheer, suikervlakke soos wat dit moet wees …”

“Wat was in die proefbuis, Dok? Gif?”

Die Dok kyk nie op nie.

“Soort van. Dit was gekonsentreerde, gedehidreerde virusse. Ons weet nog nie die soort nie en ons is nog besig om die genetiese kode daarvan te ontleed. Mag ek jou gelukwens dat jy die proefbuis verkry het; nou kan ons gereed wees as die Gemmers dit as wapen begin gebruik. “

“Ek wil vra om te gaan, maar ek weet Dok gaan nee sê.”

“Jy sal wel by die hospitaal moet bly tot verdere kennisgewing. Ons wil jou toestand monitor.”

Hy loop uit sonder om weer in my oë te kyk.

“Ja. Sodat julle kan sien hoe vinnig ek doodgaan,” fluister ek.

Die dae kom een vir een. Die eerste simptoon daag die dag na die gesprek met die Dok op: Ek verslind die vleis wat hulle op die netjiese hospitaalskinkbord (kompleet met ’n blommetjie in ’n vaas) sit sonder om aan die mes en vurk te raak. Ek stoot die groente egter opsy asof hulle plastiek is.





Die dag daarna hoor ek ’n gesuis in my ore, soos lug wat uit ’n rubberband gaan, wat geleidelik verdwyn. Daarna kan ek egter hoor hoe die Dokke in die personeelkamer by die gang af sê: “Die arme ou gaan defnitief gaan. Die virus neuk jou DNA heeltemal op.”

Daarna druk ek my ore toe.

Die volgende môre begin my oë makeer. Ek word sommer heeltemal blind vir so ’n uur. Die Dokke was op hol gejaag met daardie een. Ek kon hoor hoe hoe hulle rondskarrel en met dringende stemme by mekaar probeer hoor wat aangaan. Nie een van hulle het geweet nie. Ek self was glad nie gelukkig met die situasie nie. “DOEN IETS!” Later kom my sig darem weer terug. Dit voel asof iemand ’n ton van my skouers afgehaal het. Daardie aand egter kon ek in die donker sien asof dit helder dag is, behalwe met blouer kleure. Ek het daardie nag wakker gelê; besig om te peins en te kommer. Watse soort virus was die? Dit bou jou op in plaas van jou afbreek. Wou die Gemmers dit dalk op hulself gebruik het om hul sintuie vir die geveg te verskerp?

Ek het sterk so begin vermoed toe ek besoekers begin *ruik* het voor ek hulle gesien of gehoor het.

Elkeen het my neus anders gekielie of geslaan: Roosagtig; soos verbrade hout; amper nes ’n daffodil; asof hy in petrol gerol het; ’n bietjie soos die lug na ’n reënstorm; net *plain* stink van drie dae laas stort …

Toe begin die haargroei. Ek moes later my baard drie keer ’n dag begin skeer. My wenkbroue konnekteer toe. Toe ontplof dit: hare begin wild oor my nek, rug, arms, bene, maag selfs my gesig, hande en voete groei. Mense wil my nie meer kom besoek nie want ek lyk verskriklik – soos ’n weerwolf. En ek begin tekere gaan soos een.

“DOK, HELP MY!”

“Ek’s jammer, mnr. Heart, daar’s niks wat ek vir jou kan doen nie.”
Ek snou hom iets toe wat ek nie van hou om te herhaal nie. Terwyl die Dok vir my frons, probeer ek weer.

“Daar moet iets wees, een of ander eksperimentele nonsens wat my kan *help!*”

Hy hou sy arms op in ’n ek-was-my-hande posisie. “Ek’s jammer. Die vaksine is nog in ontwikkeling en jy is in elk geval te ver gevorderd.”

Die situasie speel oor en oor af met ’n honderd verskillende dokters.





Eindelik het ek opgegee. Ek sou vir ure lê en na die *solid* wit muur staar. Ek het begin hoop dat die donker my sou omvou; dat die engele my kom haal soos ons voorvaders gesê het. Maar toe dit begin voel het asof die einde naby kom, was dit nie die engele wat my kom haal het nie: ek was summier in die hel tussen demone gegooi. My lyf het begin brand asof my bene aan die brand was.

Die Dokke het net rondgeskarrel en probeer uitvind wat my liggaam aanvang. Dit het gevoel asof my bene uit hul eie breek en weer vinnig aangroei net om weer in 'n miljoen stukke eksplosief te versplinter. My neus het begin vervorm asof iemand hom met 'n hamer slaan, my ore het begin migreer asof hulle heeltyd afgeskeur word en dan telkens 'n millimeter ver weer aangeplak word, my naels het in klein vlymskerp sekels verander en my vingers ingetrek, snyende, delwende …

Ek gryp eindelik na die slaappille op my bedkassie. Ek gee nie meer om hoeveel ek sluk nie. Ek skiet 'n gebed op dat dit net moet eindig. Dit moet net dêm eindig …

Ek kom by. My kop swem. Waar de hel is ek? Ek skuif my bo-lyf regop. My kop weeg soveel soos 'n trok. Alles is stil. Die enigste opvallende reuk is bleikmiddel. Ek herken na 'n paar oomblikke die hospitaalkamer. Daar is 'n outydse opwasstel, 'n beker en kom, kompleet met pienk blommetjies versier, op die tafel gesit. Ek staan op. Ek voel nie van balans af nie, maar dit maak die hele ding net meer vreemd. Dit voel ook asof daar meer van my is as voorheen. Wat ook al. Sal seker nou oorwaai.

Ek gooi die water in die beker uit in die kom. In die stilte klink die geluid van lopende water besonders verfrissend. Ek staan nader om my gesig te was.

My liggaam kies vries oor veg of vlug.

Ek dog dis 'n kom, nou lyk dit my dit is eerder 'n tonnel. En daar kom 'n Gemmer met diep groen oë en 'n bruin-swart pels deur die tonnel. Hy is net so geskok om my te sien.

'n Dok kom in.

"Wel, mnr. Heart, welkom weereens terug in die land van die lewendes." Daar is hierdie keer iets verkeerd aan sy stem. Nie vriendelik nie, net senuweeagtig paaiend. "Wel, alles lyk nou stabiel, so jy is vry om te gaan, maar ons wil graag in kontak bly. Jou base vra vir jou al terug by die militia."

Ek begryp.





My pote tel die bak op my bevel op en my arm mik na sy kop met die sieklik mooi versierde bak. Hy koes net betyds. Die bak slaan die muur en versplinter in 'n miljoen stukke. Nes my lewe.

"So, die virus het jou 'n Gemmer gemaak, Boetie."

Oom Ulrich hou duidelik daarvan om pynlik duidelike feite hardop te sê. Hoekom sê hy nie iets soos die Aarde se lug is blou," of "Visse swem" nie? Ek bly maar net stil. Wel, nie heeltemal nie. Ek maak 'n gromgeluid.

Oom Ulrich wag vir 'n beter antwoord. Hy kry nie een nie. Hy sug net, staan op en loop weg. Wegloop is wat almal die laaste paar dae doen as ek 'n vertrek instap. Die enigste persoon wat nie kan wegloop nie, is ek.

My stert kielie my neus vir die hoeveelste keer vandag. Ek is half lus om die ding af te byt. Ek loop badkamer toe. Toe ek by die deur kom, roep iemand.

"Hei!"

Ek draai om.

"Ja, jy! Jy kan nie die daar ingaan nie. Daai badkamer is vir mense! Gaan loop soek vir jou 'n *litter-box,* of iets!" Die ou draai om en loop weg terwyl hy skud van die lag.

Ek kom by my woonstel aan. Ek haal die sleutel uit my baadjiesak, maar dit is nie nodig nie. Die deur staan oop, die slot uitgebreek. Ek het nie meer genoeg emosie oor om ordentlik te reageer nie. Ek stap in. Alles wat nie vas was nie, is weg. Meeste meubelstukke, die gordyne, my klere, selfs die kos in die yskas wat moes keer dat ek vanaand honger gaan slaap. Daar was 'n brief op die kombuistafel.

*"Hei, Kiets, hierdie goed wat jy hier het is darem te goed vir jou- so ons gaan dit gee vir iemand wat dit alles* actually *werd is.Ons het darem vir jou die* shampoo *gelos. Haha!*

*Mense wat* actually *mense is."*

Ek verwerk nog wat ek gelees het, maar die ingeboude televisie op die muur is aan.

"Verder maak die Front vordering met die verowering van Gem. Daar is gister weer ongeveer 'n hele persent van die planeet se oppervlak verower. Die vestingstad van Smarag sal volgens kenners binnekort val."

Die beeld op die TV is van die Front se soldate wat afvuur op die burgers van 'n Gemmerdorp. Die Gemmers hardloop wild links en regs, hulle het nie wapens in hul hande nie. Die wapens in die mense se hande egter





… mikroskrapnel-granate, gifafvuurders, dodelike gasverspreiders, kankerveroorsakende gewere … In die agtergrond kan die huilende geroep van ’n kind na sy ouers gehoor word.

Die nuusaanbieder wil voortgaan. “Mense sê …”

Voor ek weet wat ek doen, het ek die TV-skerm uitmekaar geskeur met my kloue.

Mense sê. *Mense* sê. Mense is die hele probleem! Hulle lieg en roof en moor. Ek is bly ek is nie meer een van hulle nie! Om met ’n ander perspektief te kyk, is soos om ’n ander wêreld te betree. ’n Wêreld wat baie beter belig is en waar jy die monsters kan raaksien.

Ek haal diep asem.

Daar bly net een ding oor om te doen.

Ek is amper by die deur. Maar daar is voetstappe agter my.

“Hei, Kiets, wat de hel maak jy hier? Skoert.”

Ek staan net stil. Die voetstappe kom tot by my.

“Hei hoor jy nie? Skoert! Voetsek!” Hy tik my in die rug met die laserwindbuks se loop.

So vinnig dat hy niks kan reageer nie, draai ek om, gryp sy geweer en in dieselfde beweging swaai ek om en tref hom in die kop; hy probeer instinktief terugslaan met sy vuiste, maar ek systap hom en gryp hom met een hand om sy keel en lig hom op. Ek kan hom doodmaak. Dit sou maklik wees: ek hoef net my kloue uit te haal … Ek slaan hom weer met sy eie geweer, met al die krag wat ek het. Hy is so uit soos ’n kers. Ek gooi hom op die grond neer. Uit haastigheid uit. Hy het niks aan my gedoen nie.

“Jakob Heart,” sê ek voor die deur kan klaarpraat.

“Jammer, sekuriteit is onlangs vir jou...”

Daar is nie tyd hiervoor nie. Ek forseer my kloue by die deur se gleuf in. Ek stoot met al die mag in my wese die deur oop. Ek gaan in. Met my kloppende vingers neem ek een van alles wat ek wil hê: skokgewere met lae-stroomballe, teikenstoordergewere, vreesveroorsakers, niedodelike langtermyn verdwelmingsgewere … Ek sit hulle alles versigtig, maar vinnig in my sak. Ek spring effens vir die harde klopgeluid wat hulle teen die





omslae van die boeke oor menslike anatomie, psigologie, miltêre taktiek en tegnologie maak. Ek het alles wat ek wil hê.

Halfpad by die gang af loop ek iemand raak. Ek maak gereed om hom te bespring, maar sien toe wie dit is. Ek loop verby hom. Hy hou tred met my.

“Gaan jy êrens heen, Boetie?”

“Smarag.”

“So gedink.” Hy knik sy kop.

Ons loop in stilte vir ’n rukkie.

“Hul wapen het gewerk,” sê ek.

“Hul gevaarlikste wapen. Die plek waar hulle ons verbygesteek het. Empatie.”





# Ander wêrelde

## *Ruan Jacobs*

Die ding van familie is – jy kan hulle nie kies nie. En dit sou miskien nie so 'n slegte ding gewees het nie, was dit nie vir my oom Flippie-hulle nie. Oom Flippie en sy gesin is daardie deel van jou familie waaroor jy nooit met ander mense wil gesels nie. Die gesin met wie jy slegs op troues en begrafnisse in aanraking wil kom – nêrens anders nie. Die mense waarvoor jy jou – alhoewel dit nooit hardop gesê sal word nie – ietwat skaam. Ek het dus met groot onsteltenis die nuus ontvang dat my neef Arrie, oom Flippie se seun, die naweek by ons gaan deurbring …

"Ek glo Pa nie," het ek geskok gesê.

Hy't gesug. "Dis net 'n naweek, Seun. Oom Flippie en tannie Bertjie het … probleme … en dit sal die beste vir Arrie wees om so 'n bietjie weg te kom."

Ek het my tas neergegooi. "Pa, ek's jammer om dit te sê, maar daardie gesin is *common*. Ek kan nie glo Pa het daartoe ingestem nie!" Ek was seker 'n bietjie kras. Die gedagte dat ek 'n brandarm familielid met 'n gebrek aan sosiale vaardighede vir langer as 'n uur in my wêreld moes akkommodeer, het my egter dwars in die krop gesteek.

Ek probeer my beste glimlag ten toon stel toe Arrie uit die derdehandse Volkswagen klim. Die deur wat – na ietwat van 'n gesukkel – oopgeswaai word, se kleur verskil van dié van die ou tjor. Olie drup-drup op die teerpad. My een wenkbrou lig onmiddellik.

"Arrie, so goed om jou te sien!" roep ek geveins bly uit. Huigelaar, verwyt ek myself. Met 'n luide "Nefie" omhels hy my en ek probeer om deur my mond asem te haal terwyl hy my vasdruk. Genade, het die mense nie eens geld vir seep nie. Of miskien is dit die feit dat Oom Flippie se eerste liefde Chesterfield is – ek weet nie.

"Kan ek help met jou tasse?" vra ek terwyl ek hom van my af wegstoot. Hy kyk my vraend aan. Ek bloos effens toe ek besef dat die rugsak wat oor sy skouers hang die somtotaal van sy "tasse" is. Met 'n "Arrie, jaag nou net stront aan hierdie naweek, dan gee ek jou virrie *Child Care,"* klim oom Flippie in sy kar en ry weg.





Ek kan nie help om die verwondering op Arrie se gesig op te merk toe ons hom die huis binnelei nie. “Dis seker ’n hele ander wêreld vir jou,” sê-vra ek trots. Hy laat sak sy kop effens en knik vinnig.

Toe ek hom my kamer wys – my pa het daarop aangedring dat Arrie nie alleen in die spaarkamer moet slaap nie – vra hy verbaas: “Is jy nie die enigste kind nie? Hier’s dan twee beddens?”

Ek sluk effens ongemaklik. “Vir vriende,” probeer ek my beddens verdedig, “soos jy.”

Hy lyk stomgeslaan. “Ek en my boetie deel ’n bed.” Ek sê niks nie en besluit om hom eerder my nuwe XBox te gaan wys.

Aandete was ’n nagmerrie. Ek was vas oortuig dat my neef een of ander sadistiese satisfaksie daaruit put om mense te skok. En dinge sou seker beter afgeloop het as die dominee net ’n ander aand wou kies vir een van sy “onverwagte besoekies om seker te maak dat die kerk ten alle tye gereed is”.

Nodeloos om te sê, maar na Arrie se opmerking dat die Bybelblaaie ideaal is vir zolle rol, was die aand in sy peetjie in. Ons predikant het die Heilige Boek styf teen sy bors vasgedruk en onsteld opgespring. Met waarskuwings oor die verdoemenis wat diegene gaan tref wat “nie ten alle tye gereed is nie”, is hy in aller yl daar weg.

Die naweek het stadig verbygegaan. Te stadig. Arrie het my konstant aangegaap terwyl ek hom aan die beter, meer gegoede kant van die lewe bekend gestel het. My gevoel van afkeur teenoor ons gas is naderhand met deernis vervang. Nogtans was ek bly toe sy pa hom daardie Sondag kom oplaai het. Die waarheid was egter dat hy my laat skuldig begin voel het. Met Arrie weg, sou ek met meer gemak kon slaap, bad en wie weet wat nog doen sonder om die heeltyd herinner te word aan my neef en die se lot.

Ek klop Arrie op die rug en wens hom ’n voorspoedige reis terug huis toe toe. “Nefie, dit was die beste naweek ooit,” verklaar hy plegtig, terwyl hy sy loopneus met sy hand afvee. Iets wat lyk soos ’n slakspoor bly op sy gesig agter. Maar ek is in ’n goeie bui en maak asof ek dit nie raakgesien het nie. “Jy sal egter bly wees om te weet,” sê hy skielik met ’n breë glimlag, “dat ek jou pa omgepraat het dat jy volgende naweek by ons kan kom bly. Hy’t gesê dis snap!”

Ek voel hoe die bloed my gesig verlaat. ’n Koue rilling gly langs my ruggraat af. Net toe ek egter wil begin protesteer, val hy my in die rede. “Glo my,” sê hy met ’n oogknip, “dit gaan ’n hele ander wêreld vir jou wees.”





# Ander wêrelde

## *Suzannah Visser*

“Suzannah Visser. Dis nou mos ’n lekker boerenaam. Sê my, hoekom op aarde is jy dan in ’n Engelse skool?”

Minstens een keer ’n week word ek met ’n vraag van ’n soortgelyke aard as die een gebombardeer. Mense vind dit baie vreemd: ’n Afrikaanse meisie wat haarself doelbewus in ’n alternatiewe milieu dompel. Ek is al hoeveel keer aangesê dat ek my moedertaal verraai, en dat ek meer Engels as Afrikaans is. Miskien is dit net soos hulle daar sê.

*After all,* is ek seker meer Engels as Afrikaans. Ek neem Afrikaans as Eerste Addisionele Taal op skool; my Engelse woordeskat is strate beter as die van my Afrikaanse vermoë; soms moet ek Google Translate gebruik omdat ek nie onmiddellik aan ’n gepaste Afrikaanse woord kan dink nie; soms vind ek dit verskriklik moeilik om myself met ander Afrikaanse mense te vereenselwig, en dikwels is my denkproses in Engels.

Maar beteken dit regtig die einde van die wêreld vir ’n Afrikaanse kind om so gemaklik met Engels te wees?

Met ’n taal soos Afrikaans wat relatief jonk is, is daar gedurig die vrees dat die voortbestaan daarvan bedreig word, so dis seker te verstane dat daar so baie moeite gedoen word om die taal suiwer te hou. Daar is voortdurende pogings om die kultuur lewendig te hou, so dit maak seker sin dat ek as ’n “verraaier” gesien word. Maar hoekom is dit so? Hoekom word ’n taal gebruik om op hierdie manier afstand tussen mense te bring?

Vir my voel dit asof tale in boksies geprop word, ’n Taal moet so suiwer as moontlik bly en die hemele behoed jou as jy toelaat as enige “volksvreemde” woord van enige ander taal in jou gesprekke inkruip. In my opinie is hierdie konsep eintlik net heeltemal belaglik. Daar is meer as 6 000 tale in die wêreld, maar hulle het almal hulle oorsprong in net ’n handvol argaïese tale. Selfs Afrikaans het ontstaan as ’n samesmelting van tale soos Nederlands, Frans, en *snak* selfs Engels. Om die waarheid te sê, as ’n taal nie voortdurend groei en ontwikkel nie, sal hy definitief uitsterf.





Liewe leser, ons kan nie meer in ’n wêreld bestaan waar ons onsself in ons eie boksies afsonder nie – die realiteit van die gefragmenteerde globale wêreld waarin ons leef, word beter voorgestel deur ’n versameling Venn-diagramme, met raakpunte en gedeeltelike oorvleueling. Hoe ons as individue bestaan, is ’n direkte gevolg van die unieke kombinasie van die mense, plekke en kulture waarmee ons te doen kry.

Maar beteken dit dat ek my liefde vir die Afrikaanse kultuur verloor het? *Nie in die minste nie.* Overgesetsynde en desnieteenstaande, dit is net ons Afrikaanssprekendes wat oom Oubaas se “gevleuelde woorde” kan verstaan en waardeer. Sekere situasies word net beter in Afrikaans opgesom (en ons anderstalige vriende sal saamstem!) – woorde soos *lekker, sommer,* en *kak,* het maar net nie ’n eweknie in ’n ander taal nie. Dit het definitief daardie “fantasmagoriese *je ne sais quoi”.*

Op die ou einde gaan taal oor kommunikasie. Maak seker jy kies die woorde waarmee jy jouself die beste kan uitdruk. Deur dit te doen, sal ons seker maak dat Afrikaans relevant en lewendig bly.





## Hierdie wêreld

### *Tanita Permaul*

*In hierdie wêreld*
*Leef ek*
*Is ek dood*
*Alles en niks*

*In hierdie wêreld*
*Is ek die sonlig*
*Is ek 'n yskas*
*'n skoen en onskuldig*

*In hierdie wêreld*
*Is daar niks verkeerd nie*
*Daar is net ek*
*Blou kos en die boompie*

*In hierdie wêreld*
*Is tyd weg*
*Wolke praat met my*
*Al die kleure is sleg*

*In hierdie wêreld*
*Is daar altyd iets om te doen*
*En dus*
*Sal ek droom en droom*

## Gedig

### *Tasmiyah Moola*

*Alles is perfek*
*Die leuenaars is*
*nêrens te sien nie*
*Sjokolade is goed vir 'n mens*
*Skoonheid word nie gedefinieer deur die samelewing nie*
*Lewe het sy doel gevind*
*en die duiwel is met vakansie*
*maar waarom is dit so?*
*want daar is geen wêreld*
*soos die een in my kop nie.*

## 'n Ander wêreld

### *Jaco-Mari Futcher*

*Waar jou hart in jou boeiende blindheid net soos myne is,*
*draai ek my kop, want ek sien 'niks',*
*waar jou dooie doofheid die wêreld se krete blus,*
*draai ek my kop, want ek hoor 'niks'*
*waar daar in jou stom stilte ongesproke woorde op jou lippe rus,*
*draai ek my kop, want ek sê 'niks',*

*so skep en skilder elk 'n plek waar jy alleen kan wees,*
*sonder om die 'niks' van ons gebroke lewens ooit te vrees,*
*dan besef ek, ons leef elkeen in 'n ander wêreld…*





# Ouma se geheim

***"Arminta,*** ***1883, Haenertsburg***

***Vir jou.***
***In jou blou gedroomde meisie-oë***
***Van sterreskyn en maandruppel,***
***Lê die sleutel na my winterhart***
***In jou songoue laggie gestippel.***
***Sias"***

Sias. Die naam wat sy die afgelope tyd in haar slaap bly prewel het. Dit het uit haar Bybel geval toe ek vanoggend vir haar daaruit voorgelees het. Ek kon nie help om te kyk nie. Die handskrif was so aanloklik mooi en onbekend.

Ek staan voor die groot houtraamvenster en staar nikssiende Pretoria se winterskemerte in. Die kers op die bedkassie flikker eensaam in die ruim hospitaalvertrek. Agter my is die fyn suiggeluidjies wat Ouma nou en dan in haar slaap maak skaars hoorbaar. Met elke dag wat verbygaan, is dit asof sy 'n bietjie minder van die Ouma is wat ek my lewe lank al ken. Gedink het ek ken.

Haenertsburg. Die dorpie waar Ouma gebly het voordat sy getroud is. Sy moes omtrent 19 gewees het as ek so na die datum op die brief kyk. Ek het haar probeer uitvra daarna toe sy vroeër wakker geword het, maar sy het met leë oë na my gestaar. Ek het vir haar 'n vreemdeling geword. Die dokter het gister gesê dat dit al hoe meer sal gebeur hoe nader dit aan haar eindtyd kom.

Asof dit die seer in my hart moet wegvat.

Uit die hoek van my oog sien ek die beweging. Ek draai weg van die venster en sien dat Ouma kiertsregop in haar bed sit. Sy kyk stip na die muur voor haar.

"Ouma?" vra ek versigtig.

Sy draai haar kop en kyk na my. "Hartjie, Sias roep my, maar ek kan hom nie sien nie. Jy moet hom gaan soek en vir hom sê ek wag vir hom." Haar gesig vertrek in 'n uitdrukking van pyn. "Hoe kon jy dit aan my doen, Sias? Jy wat die klowe so goed geken het …" Haar stem sterf weg en sy lê weer terug voor ek 'n woord kan inkry. Binne oomblikke slaap sy weer vas.





Tant Gertie se oë trek op dun skrefies in haar plooigesiggie toe ons elk ’n tweede beskuitjie in die koffie sit en doop. Ons sit op die sonstoep terwyl die oggendson op ons voete bak. Dis besoektyd, maar Ouma is nog vas aan die slaap in die kamer langsaan.

“Sias?” vra Tant Gertie nadat ek haar van die briefie en die vorige nag se gebeure vertel het. “Waar kom sy nou aan dié vent?”

Tant Gertie is een van Ouma se beste vriendinne. As nie eens sy weet wie Ouma se skim uit die verlede is nie, dan lê Ouma se geheim dieper weggebêre as wat ek vermoed het.

“Wel, jy kan seker probeer om hom op te spoor?” stel Tant Gertie voor. “Haenertsburg is mos maar ’n ou klein plekkie. Dit sal nie te moeilik wees om uit te vind of daar so iemand is nie. Gelukkig is Sias nie ’n baie algemene naam nie, want dit kan dalk lol sonder die van, jy weet? Skakel die Haenertsburgse sentrale en vind uit. Vir al wat ons weet, is hy dalk al koud in sy graf …”

Ek kon sommer hoor haar nuuskierigheid het ook nou die oorhand gekry. Moedig dan aan: “Ag, skakel sommer hier van die hospitaal af. Die foun is mos in die gang.”

Ek gryp die telefoongids op die toonbank en slaan die nommer na. Die lyn is effe krakerig maar ek kan darem die vrou se ontstelde stemtoon uitmaak. “Juffrou, Sias McLean woon al baie lank nie meer in hierdie dorp nie. Moenie hier met dinge kom deurmekaar raak waarvan jy niks weet nie.” Ek hoor die klikgeluid van die telefoon en die oproep word skielik beëindig. Ietwat verslae bly staan ek met die gehoorstuk teen my oor. Hoe maak ek sin van die vrou se ongeskikte optrede?

“Jy sal self Haenertsburg toe moet gaan,” sê Tant Gertie toe ek haar vertel. “Hierdie raaisel prikkel my nou ook en dit lyk vir my asof dit die enigste manier is om agter die kap van die byl te kom.”

Ek is nie heeltemal so gretig soos Tant Gertie oor die idee nie. “Ouma het seker nie bedoel dat ek werklik na die man moet gaan soek nie?” probeer ek nog tevergeefs keer.

“My genade! Jou Ouma het nog altyd alles bedoel wat sy gesê het. Dit klink buitendien of sy heel by haar positiewe was gisteraand. Soveel te meer rede vir jou om haar wens na te kom.” Toe dit vir haar begin lyk of ek weer wil vasskop, speel sy haar laaste en-wat-as-dit-die-laaste-ding-is-wat-jy-vir-jou-ouma-kan-doen-troefkaart.





Die mis lê swaar oor die berge en ek kan sien die son gaan skaam wees vandag. Ek ry effe stadiger teen die bergpas uit. Volgens die padaanwysings moet die afdraai na Haenertsburg hier naby wees. Ek kan steeds nie glo dat ek ingewillig het om te kom nie.

Nadat Tant Gertie natuurlik hand en mond belowe het om my dadelik te laat weet as daar enige veranderinge in Ouma se toestand is, het ek met ’n swaar hart weggetrek. Ek is al vir byna vyf ure op die pad, maar ek kan nie sê dat dit ’n straf is nie. Die omgewing is bekoorlik en besit ’n natuurskoon wat my oë lanklaas aanskou het. My gedagtes dwaal so ver weg dat my voete skaars betyds die remme vind. Voor my in die pad staan ’n wit perd. Lewensgroot. Ek verloor amper beheer oor my klein Volksie en kom sekondes later met ’n ruk tot stilsland.

Alles is absoluut doodstil.

Daar is geen teken van die ruiterlose perd nie. Ek voel ’n rilling teen my ruggraat afgly en skakel weer die motor aan. Vrou-alleen gaan ek nie ’n perd of ’n ruiter soek wat moontlik seergekry het nie. Dalk was dit selfs net my verbeelding. Liewer stilbly daaroor. Nounet skop ek ’n bohaai op oor niks. Ek ry met heelwat meer konsentrasie verder en toe ek uiteindelik die uitdraai na die dorpie sien, sug ek hoorbaar van verligting.

Voor die netjiese geboutjie in die hoofstraat hou ek stil. Die deurklokkie van die gastehuis klingel deur die stilte toe ek die deur oopstoot. ’n Hittegloed wat uit die kaggel stroom, vul my hele wese. Die gryskop vroutjie by die toonbank draai glimlaggend na my. “Juffrou de Witt, neem ek aan?” vra sy dan met ’n swaar Engelse aksent. “ Ek is Mrs Jones. Welkom hier in ons pragtige klein juweeltjie. Ek vertrou u het ’n aangename reis gehad?”

Snoesig in die bed oordink ek later weer die dag se gebeure. Die wit perd is nie meer so belangrik nie. Dis eerder Mrs Jones se lakenwit gesig wat my bybly. Toe ek die naam ‘Sias McLean’ noem, het sy hewig ontsteld my kamersleutel in my hand gestop en in die kombuis in verdwyn. Dinge in dié plek is nie heeltemal pluis nie, dink ek voor ek die bedlampie afskakel. Hier is ’n jeukplek wat niemand skynbaar wil krap nie …

Die reuk van vars koffie hang swaar in die koue oggendlug en lok my nader. Ek hoor hoe die houtvloere in die vertrek langsaan kraak. Mrs Jones steek haar kop om die deur en kom sit dan in die leunstoel oorkant my. Ek kan haar onrustigheid aanvoel. “Mrs Jones, pla iets jou?”

Sy kyk my vas in die oë voordat sy stadig haar kop knik. “Jy het gekom met ’n doel. Ek weet nie wat dit is nie, maar as ek jy is …” Sy sug swaar. “Kom saam. Ek wil vir jou iets wys.”





Sy stoot die deur op die punt van die gang oop en lei my na ’n spieëltafel in die hoek van die slaapkamer, tel dan ’n silwer fotoraam op en plaas dit in my hande. Ek kan dit amper nie glo terwyl ek na die foto kyk nie. Die laggende jong vrou kan niemand anders as … “Dis my ouma! Waar kry u dit?” wil ek onmiddellik weet.

Mrs Jones trek haar asem skerp in. “Jou ouma? Ek glo dit nie!” Dit neem haar etlike oomblikke om tot verhaal te kom terwyl sy my ondersoekend op-en-af bekyk vir enige ooreenskomste met die vrou. Dan knik sy haar kop.” Die man in die foto was my broer. Sias McLean. Hulle was verloof … maar daar was ’n ongeluk in een van die klowe …” Sy bly stil en laat my toe om self die afleidings te maak.“ Hulle het nooit sy liggaam opgespoor nie. My broer kon nie tot rus kom nie …”

Transportryer. Mistige bergpas in die nag. Beheer verloor oor die perdekar. Afgestort in die klowe. Die wit perd. Die wit perd. Die wit perd …

My kamerdeur swaai oop en Mrs Jones staan met ’n flikkerende kers voor my bed. “Dear child! Jy het gegil. Wat het gebeur?”

“Die wit perd …”

Sy kyk eers net verdwaas na my. “Dit was net ’n droom, kind. Slaap maar weer.”

“Nee! Die wit perd. Sias het ’n wit perd gehad wat die kar getrek het? Die perd wat ek gister in die mis gesien het … Die kloof!”

Haar oë versper en die blaker kletter op die vloer neer sodat ons heeltemal deur die donkerte ingesluk word.

“Ek het self nog net een keer die wit perd gesien. Dit was nie lank na sy dood nie; ek was nog ’n klein dogtertjie. Het gedink dis sommer my verbeelding. Later het ek egter dikwels Sias se teenwoordigheid aangevoel. Asof hy vir my iets wou sê, maar ek kon hom nie hoor nie.” Ek en Mrs Jones sit by die geelhouttafel in die kombuis. ’n Flou sonnetjie het uiteindelik sy kop uitgesteek om ’n nuwe dag aan te kondig. Dan vertel sy verder: “Daar was wel besoekers wat hoog en laag gesweer het dat hulle ’n gedaante in die mis gesien het: soms ’n perd; soms die gestalte van ’n mens. Ek het nog nooit gedink dat dit iets meer kon beteken nie …”

Die polisiekaptein van die buurdorp sit met sy pen en speel. ‘”n Spookperd wat die presiese plek van ’n ongeluk uit die 1880’s aandui?” Hy lag vir die eerste keer hardop.” Die een het ek nog nie voorheen gehoor nie! Is julle seker julle het nie uit ’n inrigting vir sielsiekes ontsnap nie?” vra hy dan aan my en Mrs Jones.





Die ysige kyk wat ek hom gee, maak hom stil.

“Kyk, juffrou, ek weet van die spook. Hy is al hier van voor my pa se geboorte. Ek weet ook dat die klowe nooit een vir een gefynkam is na die ongeluk nie, want dit is net nie moontlik nie. Aangesien ek self graag wil weet wat hier aan die gang is, sal ek ’n groepie arbeiders en ’n paar van my manne afstuur in die kloof wat die perd …” hy grinnik weer, “ …vir ons uitgewys het. Weet net een ding: as hulle na drie dae nog niks kon kry nie, onttrek ek die span.”

Terug by die gastehuis lui die telefoon skielik sodat ek wip van die skrik. Ek draf in die kombuis in waar Mrs Jones besig is om aandete voor te berei. Dis die derde dag van die soektog. Ek antwoord vol verwagting dat dit die kaptein gaan wees. Dis egter Tant Gertie se stem wat oor die lyn kraak: “Hartjie, dis jou Ouma …Ek wil jou nie op hol sit nie, maar ek dink dit sal beter wees as jy so gou as moontlik kan terugkom.”

Ek proe die souterige smaak van trane in my mond nog voor ek besef ek huil.

Die hospitaal ruik nog altyd soos skoonmaakmiddels, dink ek toe ek deur die glasdeure stap. Met die vyf ure wat ek teruggery het, het ek lank gehad om te dink. Ek steek my hand in my baadjiesak om seker te maak die inhoud is nog veilig. ’n Ou, verbleikte koevert met Ouma se naam bo-op geskrywe, kraak sag onder my vingers.

Voor Ouma se bed gaan sit ek op die bankie. Ek streel haar hand saggies en sy maak haar oë vir ’n vlietende oomblik oop.

“Ek het vir Sias gekry, Ouma. Hy het gesê ek moet solank sy brief vir Ouma lees terwyl Ouma vir hom wag.”

’n Enkele vel papier.

Ek vou dit versigtig oop en lees dit hardop voor:





*"Liefste Arminta* *1883, Haenertsburg*

*As jy hierdie brief lees, beteken dit dat ek nie meer leef nie. In die afgelope paar maande het ek agtergekom dat James en Edward Howick met diamante smokkel. Ek het daarop afgekom toe een van die kissies van die wa afgeval en oopgebreek het. Terwyl ek die inhoud teruggepak het, het ek per ongeluk op 'n geheime kompartement afgekom en die blink klippies ontdek. Die broers was woedend toe ek hulle daarmee konfronteer. Ek het ook geweier om enige verdere pakkies vir hulle te vervoer. Maar hulle het my gedreig. Gesê dat hulle jou sou leed aandoen of my sou vermoor as ek nie saamspeel nie. Jy moet verstaan waarom ek moes aanhou met die onwettige smokkeling.*

*'n Week gelede het ek egter besef dat dit nie so kon aangaan nie. Ek het een van die kissies teruggehou en die diamante versteek op 'n plek waar net jy dit sou kon vind. Die gedig wat ek vroeer vir jou geskryf het …*

*As geluk aan my kant is, hoef jy nooit hierdie brief te lees nie, my lief. Indien ek egter iets oorkom, smeek ek om vergifnis.*

*My hart is ewig aan joune gebind.*

*Ek sal jou weer sien.*

*Al my liefde*

*Sias"*

Ouma maak vir oulaas haar oë oop. Fluister so sag met haar laaste asem dat ek skaars kan hoor: "Sias, jy het teruggekom …"

'n Vreemde warmte vul die vertrek. Ek kan nie help om te glimlag nie.

Liefde kan nie koud wees nie. Nie eens vir 'n spook nie.

'n Verpleegster klop lig aan die deur en sê dat daar 'n sekere polisiekaptein van Haenertsburg is wat graag met my wil praat. Ek kyk na my ouma se salige uitdrukking.

Draai dan terug na die verpleegster: "Sê vir hom jy kry nie so 'n persoon nie. Dis die verkeerde nommer." Ek skeur die brief, wat in my eie netjiese handskrif geskryf is, tydsaam op.

Sommige geheime het nie nodig om ooit die lig te sien nie.



# Koninklike ore

## *Jemima Meyer*

Die hoogste sport breek toe hy daarop trap. Hy stamp die leer agtertoe soos hy homself vervaard aan die vensterraam ophys. Die leer val met 'n slag op die plaveisel en weerklink in sy ore. Sy spiere protesteer toe hy die vensterraam oopforseer. Hy val deur pers gordyne. Die sagte tapyt waarop hy land, ruik na laventel … hy staan met moeite op.

Bloupers lig stroom die ruim kamer binne. Hy verwonder hom aan die massiewe pienk bed met die massiewe net. Die prinses se kamer? Nadat hy vlugtig oor die fyn patrone op die ligbruin hout van die lessenaar gestreel het, ruk hy homself reg. Die koninklike wagte behoort enige oomblik aan te storm. Hy het 'n taak om af te handel.

Tot sy ergernis kan hy nie die pad na die troonkamer onthou nie. Hy hardloop deur 'n breë gang en kyk verward na die skilderye. Enkele kandelare hang van die hoë plafon. Die troonkamer is mos aan die oostekant? 'n Paar bediendes gaap hom aan toe hy by hulle verbyskuur. Die wagte se voetstappe weergalm dof deur die gange. Hy dwing sy moeë liggaam om vinniger oor die eksotiese tapyte te hardloop. Hy bly nou reguit voor hom kyk.

Toe hy afdraai, doem 'n figuur voor hom op. "Halt." Toonloos. 'n Gesig met soveel plooie durf hy nie uitdaag nie. Hy stop, onvas op sy voete. Oor die wag se skouer gewaar hy 'n klomp ander, almal met swaarde en vreemde wapens. Agter hulle lê die reuse deure van die troonkamer. So naby…

Twee wagte gryp hom hardhandig aan sy twee arms. Hy volg gedwee toe hulle hom na die kelder neem. Hy word hardhandig op 'n stoel in die hoek gegooi. Hulle los 'n kers op die vloer en klap die deur toe. Eers toe hy die koue, klam yster tref, besef hy dit … hy het sy volk, die Smoelaars, teleurgestel. Eintlik 'n belaglike vernedering. Die vorige Smoelaar-leiers het darem almal die troonkamer bereik. Sal sy volk dan nooit die kroon in die hande kry nie?

'n Skielike pyn laat hom in die donker afkyk na sy bebloede skouer. Hy moes teen 'n ridder-uitrusting geskraap het. Sy maag begin ook op 'n nare manier draai. Skynbaar was daardie broodjie van gister nie genoeg nie. Hy





dink suur aan die koninklikes, wat nou 'n koninklike piekniek bywoon. Sekerlik niemand in hierdie plek sal vir hom kos bring nie … waarom sal koninklikes nou oor die armes omgee?

Die kelderdeur swaai oop. Daar staan die prinses … met yslike bakore wat beslis nie van haar ouers oorgeërf is nie. Tog skitter sy in die swak beligting. Haar groen fluweelrok maak hom bewus van sy eie koddige vodde: 'n geskeurde langbroek en 'n kakiehemp vol verfspatsels.

Sy moes dit ook opgemerk het, want sy vra spottend: "Ek neem aan dat jy die nuutverkose leier van die Smoelaars is?"

Hy knik en moet konsentreer om nie openlik na haar te staar nie. "En jy die dogter van die adellikes." Wanneer hy na die meisie met die monster-ore kyk, verminder die haat wat hy al so lank teenoor koninklikes koester. Want in 'n mate is sy nes die Smoelaars met hulle vreemde A-gevormde monde.

"Mag ek aan jou 'n vraag stel?" Sy staan nogsteeds by die kelderdeur. Haar gesigsuitdrukking is onpeilbaar. "Waarom hou julle Smoelaars aan om die koninklike kroon te probeer steel? Dit bly jaar na jaar 'n hopelose poging."

"Die vorige Smoelaar-leiers het beweer dat daar baie waardevolle robyne op die goue kroon skitter. As so 'n kroon verkoop kan word, sal dit die Smoelaars vir maande van kos kan voorsien. Ja, ons het sover misluk, maar … dit gee my mense hoop. Hoop op verandering." Hy bly 'n rukkie stil. "Nie dat alle Smoelaars daarmee saamstem nie."

'n Diep frons het 'n plek tussen haar twee groot ore gevind. ''Dis alles bale vreemd om te hoor … ek is grootgemaak om Smoelaars te verag. Ek is geleer om nie hulp aan julle te verleen nie. My vader, moeder, almal wat ek ken, dink julle is leuenaars."

Sy loop onverwags uit. Het hy iets verkeerd gesê? Hy is nietemin flou en leun met sy kop teen die muur. Al die gepraat het sy tol geëis.

Haar stem juig hom wakker.

"Ek kan nou nie my pa se kroon weggee nie, maar …" Sy druk haar eie koninklike kroon in sy hand. "Ek verseker jou, edele Smoelaar, eendag as ek koningin is, gaan alles verander."

Haar ore gloei van opgewondenheid toe sy hom uit die paleis lei.





## Antwoorde van *Toets jou kennis*

### *Samesteller: Corlietha Swart*

1. Vrees vir slaap
2. Vrees vir honde
3. Vrees vir gesprekvoering
4. Vrees vir baarde
5. Vrees vir duiwels
6. Vrees om lewend begrawe te word
7. Vrees vir die see
8. Vrees vir jolyt
9. Vrees vir lyke
10. Vrees vir siekte



Jaargang 2013
ISSN 1018-0710

dolos

UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**